# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Friday, 11th May, 1956. WINDHOEK Vrydag, 11 Mei 1956. No. 1994.


CONTENTS


| | Page |
|---|---|
| ACTS— | |
| No. 22 (Union). Railways and Harbours Pensions Amendment Act, 1955. | 3 |
| No. 24 (Union). Pension Funds Act, 1956. | 5 |
| No. 25 (Union). Friendly Societies Act, 1956. | 43 |


INHOUD


| | Bladsy |
|---|---|
| WETTE— | |
| No. 22 (Unie). Wysigingswet op Spoorweg- en Hawepensioene, 1956. | 2 |
| No. 24 (Unie). Wet op Pensioenfondse, 1956. | 4 |
| No. 25 (Unie). Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956. | 42 |

No. 22, 1956.]

# WET

## Tot wysiging van die Spesiale Spoorweg- en Hawepensioenwet, 1953.

(*Engelse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.*)
(*Goedgekeur op* 28 *April* 1956.)

DIT WORD BEPAAL deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

**Vervanging van artikel 2 van Wet 41 van 1953.**

1. Artikel *twee* van die Spesiale Spoorweg- en Hawepensioenwet, 1953, word hiermee deur die volgende artikel vervang:

„Lede van pensioen- en superannuasiefondse van die Spoorweë en Hawens moet op bedrae wat hul werklike pensioendraende emolumente te bowe gaan, bydra.

2. (1) Die pensioendraende emolumente van 'n lid word, vir die doeleindes van—
(*a*) die betaling van bydraes aan die fonds waarvan hy lid is; en
(*b*) die berekening van enige voordeel wat aan hom, of aan iemand anders ten opsigte van sy dood, betaalbaar is uit die betrokke fonds of kragtens artikel *elf* of *elf bis* van die „Spoorwegen en Havens Dienst Wet, 1925" (Wet No. 23 van 1925),

maar vir geen ander doel nie, geag 'n bedrag te wees gelyk aan die lid se werklike pensioendraende emolumente op enige gegewe tydstip, verhoog met die persentasie wat, ooreenkomstig die Tabel wat hieronder verskyn, van toepassing is met betrekking tot die geldgroep waaronder sy werklike pensioendraende emolumente van tyd tot tyd ressorteer: Met dien verstande dat 'n lid se pensioendraende emolumente vir voormelde doeleindes in geen geval minder is nie as dié waarop hy bygedra het onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie sub-artikel met betrekking tot die kategorie van lid waartoe hy behoort.

TABEL.

| | *Werklike pensioendraende emolumente* (*per jaar*). | *Persentasie waarmee werklike pensioendraende emolumente verhoog moet word.* |
|---|---|---|
| Groep: | Minder dan £300 .. | Geen verhoging. |
| „ | £300 en meer maar minder as £350 .. .. .. | 2½ |
| „ | £350 en meer maar minder as £400 .. .. .. | 5 |
| „ | £400 en meer maar minder as £450 .. .. .. | 7½ |
| „ | £450 en meer maar minder as £550 .. .. .. | 10 |
| „ | £550 en meer maar minder as £700 .. .. .. | 12½ |
| „ | £700 en meer maar minder as £1,300 .. .. .. | 15 |
| „ | £1,300 en meer maar minder as £2,000 .. .. .. | 17½ |
| „ | £2,000 en meer .. .. | 20 |

(2) Sub-artikel (1) word geag in werking te getree het op die eerste dag van April 1956 in die geval van amptenare en werksmanne wat op grondslag van 'n kalendermaand betaal word, en op die sestiende dag van Maart 1956 in die geval van alle ander werksmanne.".

**Toepassing van hierdie Wet op Suidwes-Afrika.**

2. Hierdie Wet is van toepassing op die Gebied Suidwes-Afrika.

**Kort titel.**

3. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Spoorweg- en Hawepensioene, 1956.

No. 22, 1956.]

# ACT

**To amend the Railways and Harbours Special Pensions Act, 1953.**

(*English text signed by the Governor-General.*)
(*Assented to 28th April*, 1956.)

BE IT ENACTED by the Queen's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

1. The following section is hereby substituted for section *two* of the Railways and Harbours Special Pensions Act, 1953: *Substitution of section 2 of Act 41 of 1953.*

"*Members of Railways and Harbours pension and superannuation funds to contribute on amounts in excess of their actual pensionable emoluments.*

2. (1) The pensionable emoluments of a member shall, for the purposes of—

(*a*) the payment of contributions to the fund of which he is a member; and

(*b*) the calculation of any benefit payable to him, or to some other person in respect of his death, from the fund concerned or under section *eleven* or *eleven bis* of the Railways and Harbours Service Act, 1925 (Act No. 23 of 1925),

but for no other purpose, be deemed to be an amount equal to the member's actual pensionable emoluments at any given time, increased by the percentage which, in accordance with the Table hereunder set forth, is applicable in relation to the monetary group within which his actual pensionable emoluments from time to time fall: Provided that in no case shall a member's pensionable emoluments for the said purposes be less than those on which he was contributing immediately prior to the date of commencement of this sub-section in relation to the class of member to which he belongs.

TABLE.

| *Actual pensionable emoluments (per annum).* | *Percentage by which actual pensionable emoluments to be increased.* |
|---|---|
| Group: Less than £300 .. | No increase. |
| „ £300 and over but less than £350 .. .. .. | 2½ |
| „ £350 and over but less than £400 .. .. .. | 5 |
| „ £400 and over but less than £450 .. .. .. | 7½ |
| „ £450 and over but less than £550 .. .. .. | 10 |
| „ £550 and over but less than £700 .. .. .. | 12½ |
| „ £700 and over but less than £1,300 .. .. .. | 15 |
| „ £1,300 and over but less than £2,000 .. .. .. | 17½ |
| „ £2,000 and over .. .. | 20 |

(2) Sub-section (1) shall be deemed to have come into operation on the first day of April, 1956, in the case of officers and employees paid on a calendar month basis, and on the sixteenth day of March, 1956, in the case of all other employees.".

2. This Act shall apply to the Territory of South-West Africa. *Application of this Act to South-West Africa.*

3. This Act shall be called the Railways and Harbours Pensions Amendment Act, 1956. *Short title.*

No. 24. 1956.]

# WET

**Om voorsiening te maak vir die registrasie, inlywing, reëling en ontbinding van pensioenfondse en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

(*Engelse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.*)
(*Goedgekeur op* 28 *April* 1956.)

DIT WORD BEPAAL deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

## HOOFSTUK I.

### UITVOERING EN TOEPASSING VAN WET EN WOORDOMSKRYWING.

**Woordomskrywing.**

**1.** (1) Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

(i) „aktuaris" 'n „fellow" van 'n deur die Minister goedgekeurde instituut, fakulteit, vereniging of kapittel van aktuarisse; (i)

(ii) „beampte", met betrekking tot 'n fonds, 'n lid van 'n komitee wat aangestel is om die sake van die fonds te bestuur, of 'n aldus aangestelde indiwidu, of 'n bestuurder, hoofbeampte, tesourier, klerk of ander agent of werknemer van die fonds, maar nie ook 'n kragtens artikel *nege* aangestelde ouditeur nie; (viii)

(iii) „boekjaar", met betrekking tot 'n fonds, elke tydperk van twaalf maande wat op die een-en-dertigste dag van Desember eindig, aan die einde waarvan die balans van sy rekenings volgens sy statute opgemaak moet word, of so 'n ander tydperk as wat die registrateur by 'n besondere geleentheid op versoek van die fonds mag bepaal; (iii)

(iv) „fonds" 'n pensioenfondsorganisasie; (iv)

(v) „Gebied" die Gebied Suidwes-Afrika; (xix)

(vi) „geregistreer", met betrekking tot 'n fonds, geregistreer of voorlopig geregistreer kragtens artikel *vier*, en het „registrasie" 'n ooreenstemmende betekenis; (xiv)

(vii) „geregistreerde kantoor" die in artikel *sewe* bedoelde geregistreerde kantoor; (xv)

(viii) „hof" 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika en ook die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika; (ii)

(ix) „hoofbeampte" die in artikel *agt* bedoelde beampte; (xiii)

(x) „lid", met betrekking tot—

(*a*) 'n in paragraaf (*a*) van die omskrywing van „pensioenfondsorganisasie" bedoelde fonds, 'n lid of vorige lid van die vereniging waardeur daardie fonds ingestel is;

(*b*) 'n in paragraaf (*b*) van daardie omskrywing bedoelde fonds, 'n werknemer of vorige werknemer van die werkgewer wat aan die betrokke skema of reëling deelneem of deelgeneem het, indien bedoelde werknemer of vorige werknemer tot 'n klas werknemers behoort of behoort het vir wie se voordeel die fonds ingestel is,

maar nie ook 'n lid of vorige lid of werknemer of vorige werknemer wat alle uit die fonds aan hom verskuldigde voordele ontvang het en wie se lidmaatskap daarna ooreenkomstig die statute van die fonds beëindig is nie; (vi)

(xi) „Minister" die Minister van Finansies; (vii)

(xii) „pensioenfonds" 'n pensioenfondsorganisasie; (ix)

(xiii) „pensioenfondsorganisasie"—

(*a*) 'n vereniging van persone betrokke by enige beroep wat opgerig is met die oogmerk om voordele te verskaf aan lede of gewese lede van daardie vereniging wanneer hulle uit bedoelde beroep uittree, of aan afhanklikes van sodanige lede of gewese lede by die dood van daardie lede of gewese lede; of

No. 24. 1956.]

# ACT

**To provide for the registration, incorporation, regulation and dissolution of pension funds and for matters incidental thereto.**

(*English text signed by the Governor-General.*)
(*Assented to* 28*th April*, 1956.)

BE IT ENACTED by the Queen's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

## CHAPTER I.

### ADMINISTRATION AND APPLICATION OF ACT AND INTERPRETATION OF TERMS.

1. (1) In this Act, unless the context indicates otherwise— Definitions.

(i) "actuary" means any Fellow of an institute, faculty, society or chapter of actuaries approved by the Minister; (i)

(ii) "court" means a provincial or local division of the Supreme Court of South Africa, and includes the High Court of South-West Africa; (viii)

(iii) "financial year", in relation to a fund, means each period of twelve months ending on the thirty-first day of December, at the end of which the balance of its accounts is required to be struck in terms of its rules, or such other period as may on any particular occasion be determined by the registrar at the request of the fund; (iii)

(iv) "fund" means a pension fund organization; (iv)

(v) "*Gazette*", in relation to a fund carrying on business in the Territory, means the *Official Gazette* of the Territory; (xvii)

(vi) "member" means, in relation to—

(*a*) a fund referred to in paragraph (*a*) of the definition of "pension fund organization", any member or former member of the association by which such fund has been established;

(*b*) a fund referred to in paragraph (*b*) of that definition, an employee or former employee of the employer who participates or participated in the scheme or arrangement in question, if such employee or former employee belongs or belonged to a class of employees for whose benefit that fund has been established,

but does not include any member or former member or employee or former employee who has received all the benefits which may be due to him from the fund and whose membership has thereafter been terminated in accordance with the rules of the fund; (x)

(vii) "Minister" means the Minister of Finance; (xi)

(viii) "officer", in relation to a fund, means any member of a committee appointed to manage the affairs of the fund, or any individual so appointed, or any manager, principal officer, treasurer, clerk or other agent or employee of the fund, but does not include an auditor appointed under section *nine*; (ii)

(ix) "pension fund" means a pension fund organization; (xii)

(x) "pension fund organization" means—

(*a*) any association of persons engaged in any occupation established with the object of providing benefits for members or former members of such association upon their retirement from such occupation, or for the dependants of such members or former members upon the death of such members or former members; or

(*b*) enige besigheid wat gedryf word ingevolge 'n skema of reëling ingestel met die oogmerk om voordele te verskaf aan werknemers of gewese werknemers van 'n werkgewer by hul aftreding weens ouderdom of swak gesondheid, of aan afhanklikes van werknemers of gewese werknemers van so 'n werkgewer by die dood van sodanige werknemers of gewese werknemers;

en ook so 'n vereniging of besigheid wat, benewens die dryf van besigheid in verband met enige van die oogmerke in paragraaf (*a*) of (*b*) genoem, ook besigheid dryf in verband met enige van die oogmerke waarvoor 'n onderlinge hulpvereniging soos in artikel *twee* van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956, omskryf, ingestel mag word, of wat aanspreeklik is of mag word vir die betaling van enige voordele waarvoor sy statute voorsiening maak, hetsy hy aanhou om lede in te neem of bydraes van hulle in te vorder, al dan nie; (x)

(xiv) „persoon" ook 'n komitee wat aangestel is om die sake van 'n fonds te bestuur; (xi)

(xv) „registrateur" die Registrateur of die Assistent-registrateur van Pensioenfondse kragtens artikel *drie* aangestel; (xvi)

(xvi) „regulasie" 'n regulasie wat kragtens hierdie Wet uitgevaardig en van krag is; (xvii)

(xvii) „*Staatskoerant*", met betrekking tot 'n fonds wat in die Gebied besigheid dryf, die *Offisiële Koerant* van die Gebied; (v)

(xviii) „statute" die statute van 'n fonds, en ook—

(*a*) die wet, oktrooi, akte van ooreenkoms, akte van oprigting of ander dokument waardeur die fonds ingestel is;

(*b*) die statute of ander reëls in verband met die bestuur van die besigheid van die fonds; en

(*c*) die bepalings betreffende die voordele wat verleen kan word deur, en die bydraes wat betaalbaar mag word aan die fonds; (xviii)

(xix) „Unie" ook die Gebied; (xx)

(xx) „voorgeskryf" deur of kragtens hierdie Wet voorgeskryf; (xii)

(xxi) „waardeerder" 'n aktuaris of ander persoon wat volgens die registrateur se oordeel voldoende aktuariële kennis besit om die werksaamhede wat ingevolge hierdie Wet van 'n waardeerder vereis word, te verrig. (xxi)

(2) By die toepassing van die bepalings van hierdie Wet met betrekking tot 'n organisasie wat 'n pensioenfondsorganisasie volgens paragraaf (*b*) van die omskrywing van „pensioenfondsorganisasie" in sub-artikel (1) is, word 'n verwysing in hierdie Wet na 'n fonds as 'n verwysing na daardie fonds of na die persoon of liggaam in beheer van die sake van daardie fonds uitgelê, al na die omstandighede vereis.

**Toepassing van Wet.**

2. (1) Die bepalings van hierdie Wet is nie van toepassing nie met betrekking tot 'n pensioenfonds ingestel ooreenkomstig 'n ooreenkoms gepubliseer of geag gepubliseer te wees kragtens artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937 (Wet No. 36 van 1937), behalwe dat so 'n fonds van tyd tot tyd die registrateur van sodanige statistiese inligting as wat deur die Minister voorgeskryf mag word, moet voorsien.

(2) (*a*) Die bepalings van hierdie Wet, behalwe artikel *drie* en sub-artikels (1) en (2) van artikel *vier*, is nie met betrekking tot 'n pensioenfonds van toepassing nie, indien die hoofkantoor van die vereniging wat die besigheid van daardie fonds dryf, of, al na die geval, van elke werkgewer wat 'n party by bedoelde fonds is, buite die Unie is, mits—

(i) die registrateur met inagneming van verskille in diensvoorwaardes oortuig is dat die statute van die fonds van toepassing op lede wat in die Unie woonagtig is, nie minder gunstig is nie as dié wat van toepassing is op lede woonagtig buite die Unie;

(ii) die registrateur oortuig is dat genoegsame reëlings bestaan om die gesondheid van die fonds uit 'n geldelike oogpunt te verseker; en

(*b*) any business carried on under a scheme or arrangement established with the object of providing benefits for employees or former employees of any employer upon their retirement on account of age or ill-health, or for dependants of employees or former employees of any such employer upon the death of such employees or former employees;

and includes any such association or business which in addition to carrying on business in connection with any of the objects specified in paragraph (*a*) or (*b*) also carries on business in connection with any of the objects for which a friendly society may be established, as specified in section *two* of the Friendly Societies Act, 1956, or which is or may become liable for the payment of any benefits provided for in its rules, whether or not it continues to admit or to collect contributions from members; (xiii)

(xi) "person" includes any committee appointed to manage the affairs of a fund; (xiv)

(xii) "prescribed" means prescribed by or under this Act; (xx)

(xiii) "principal officer" means the officer referred to in section *eight*; (ix)

(xiv) "registered", in relation to a fund, means registered or provisionally registered under section *four*, and "registration" has a corresponding meaning; (vi)

(xv) "registered office" means the registered office referred to in section *seven;* (vii)

(xvi) "registrar" means the Registrar or the Assistant Registrar of Pension Funds appointed under section *three*; (xv)

(xvii) "regulation" means a regulation made and in force under this Act; (xvi)

(xviii) "rules" means the rules of a fund, and includes—

(*a*) the act, charter, deed of settlement, memorandum of association, or other document by which the fund is constituted;

(*b*) the articles of association or other rules for the conduct of the business of the fund; and

(*c*) the provisions relating to the benefits which may be granted by and the contributions which may become payable to the fund; (xviii)

(xix) "Territory" means the Territory of South-West Africa; (v)

(xx) "Union" includes the Territory; (xix)

(xxi) "valuator" means an actuary or any other person who, in the opinion of the registrar, has sufficient actuarial knowledge to perform the duties required of a valuator in terms of this Act. (xxi)

(2) For the purpose of the application of the provisions of this Act in relation to an organization which is a pension fund organization in terms of paragraph (*b*) of the definition of "pension fund organization" in sub-section (1), any reference in this Act to a fund shall be construed as a reference to that fund or to the person or body in control of the affairs of that fund, as the circumstances may require.

**Application of Act.**

2. (1) The provisions of this Act shall not apply in relation to any pension fund which has been established in terms of an agreement published or deemed to have been published under section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937 (Act No. 36 of 1937), except that such fund shall from time to time furnish the registrar with such statistical information as may be prescribed by the Minister.

(2) (*a*) The provisions of this Act, other than section *three* and sub-sections (1) and (2) of section *four*, shall not apply in relation to a pension fund if the head office of the association which carries on the business of that fund, or, as the case may be, of every employer who is a party to such fund, is outside the Union, provided—

(i) the registrar is satisfied that the rules of the fund applicable to members resident in the Union are not less favourable than those applicable to members resident outside the Union, taking into consideration differences in the conditions of service;

(ii) the registrar is satisfied that adequate arrangements exist for ensuring the financial soundness of the fund; and

(iii) die fonds sodanige sekuriteit verskaf as wat die registrateur van tyd tot tyd mag verlang vir die betaling van enige voordele wat aan lede woonagtig in die Unie, wat Suid-Afrikaanse burgers is, betaalbaar mag word, of die registrateur andersins tevrede stel dat dit in staat sal wees om sodanige voordele te betaal.

(*b*) Die registrateur kan van tyd tot tyd enige persoon wat in die Unie die besigheid van 'n in paragraaf (*a*) bedoelde pensioenfonds dryf, gelas om aan die registrateur die opgawes en inligting in verband met daardie besigheid te verstrek wat die registrateur aandui, en indien die registrateur te eniger tyd nie meer met betrekking tot enige van die in paragraaf (*a*) vermelde aangeleenthede oortuig is nie, kan hy daardie persoon by kennisgewing per geregistreerde pos aan hom gestuur, dienooreenkomstig in kennis stel, en daarop is die bepalings van hierdie Wet met betrekking tot daardie fonds van toepassing.

(3) (*a*) Indien die registrateur oortuig is—

(i) dat die sake van 'n pensioenfonds wat om registrasie ingevolge hierdie Wet aansoek gedoen het, aan 'n mate van beheer uitgaande van 'n Staatsdepartement, met inbegrip van die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawensadministrasie, 'n provinsiale administrasie en die Administrasie van die Gebied, onderhewig is, wat sal verseker dat die fonds, vir sover dit sy finansiële sterkte en die bestuur van sy besigheid betref, sal voldoen aan standaarde minstens so hoog as die standaarde deur hierdie Wet ten opsigte van geregistreerde fondse (ander as voorlopig geregistreerde fondse) opgelê; of

(ii) dat 'n pensioenfonds wat om registrasie ingevolge hierdie Wet aansoek gedoen het, uitsluitlik gedryf word by wyse van versekeringspolisse uitgereik deur iemand wat wettiglik versekeringsbesigheid binne die betekenis van die Versekeringswet, 1943 (Wet No. 27 van 1943), dryf,

moet hy daardie fonds skriftelik van die toepassing van die bepalings van hierdie Wet vrystel op sodanige voorwaardes as wat hy mag bepaal.

(*b*) Die registrateur kan te eniger tyd by skriftelike kennisgewing aan die fonds enige kragtens paragraaf (*a*) verleende vrystelling intrek, indien hy nie meer soos in daardie paragraaf bepaal, oortuig is nie.

**Aanstelling van Registrateur en Assistent-registrateur van pensioenfondse.**

3. (1) Die Minister stel met inagneming van die wette op die Staatsdiens 'n amptenaar aan, genoem die Registrateur van Pensioenfondse, wat, onder beheer van en onderworpe aan appèl na die Minister, al die bevoegdhede uitoefen en pligte uitvoer wat deur hierdie Wet aan die registrateur toegewys word.

(2) Die Minister stel insgelyks 'n amptenaar, genoem die Assistent-registrateur van Pensioenfondse, aan om die registrateur by die verrigting van sy pligte soos voormeld behulpsaam te wees.

(3) Elke appèl na die Minister ingevolge sub-artikel (1) word op die wyse en binne die tyd wat by regulasie voorgeskryf is, voortgesit.

## HOOFSTUK II.

### Registrasie en Inlywing.

**Registrasie van pensioenfondse.**

4. (1) Elke pensioenfonds moet by die registrateur om registrasie onder hierdie Wet aansoek doen.

(2) 'n Aansoek ingevolge sub-artikel (1) moet vergesel gaan van besonderhede van die naam en adres van die persoon belas met die bestuur van die sake van die fonds waarop die aansoek betrekking het, en 'n afskrif van die fonds se statute, tesame met 'n sertifikaat deur 'n waardeerder aangaande die gesondheid van bedoelde statute uit 'n geldelike oogpunt of, as geen waardeerder aangestel is nie, sodanige inligting aangaande die gesondheid daarvan uit 'n geldelike oogpunt as wat die applikant mag besit, en 'n registrasiegeld van een pond, en, in die geval van 'n fonds wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan—

(*a*) 'n opgawe in besonderhede van die inkomste en uitgawes van die betrokke fonds vir die laaste boekjaar waarvoor rekenings opgemaak is, en 'n afskrif van sy balansstaat aan die end van daardie jaar; en

(iii) the fund furnishes such security as the registrar may from time to time require for the payment of any benefits which may become payable to members resident in the Union who are South African citizens, or otherwise satisfies the registrar that it will be able to pay such benefits.

(*b*) The registrar may from time to time require any person carrying on the business in the Union of a pension fund referred to in paragraph (*a*), to submit to the registrar such returns and information in connection with that business as the registrar may specify, and if at any time the registrar is no longer satisfied as regards any of the matters specified in paragraph (*a*) he may advise the person accordingly by notice transmitted to him by registered post, and thereupon the provisions of this Act shall apply in relation to such fund.

(3) (*a*) If the registrar is satisfied—

(i) that the affairs of any pension fund which has applied for registration under this Act, are subject to such a measure of control issuing from any department of State, including the South African Railways and Harbours Administration, any provincial administration and the Administration of the Territory, as to ensure that the fund will as regards its financial strength and the conduct of its business conform to standards at least as high as those imposed under this Act in respect of registered funds (other than provisionally registered funds); or

(ii) that a pension fund which has applied for registration under this Act, operates exclusively by means of policies of insurance issued by a person lawfully carrying on insurance business within the meaning of the Insurance Act, 1943 (Act No. 27 of 1943),

he shall in writing exempt that fund on such conditions as he may specify from the operation of the provisions of this Act.

(*b*) The registrar may at any time by notice in writing addressed to the fund withdraw any exemption granted under paragraph (*a*) if he ceases to be satisfied as provided in that paragraph.

**Appointment of registrar and assistant registrar of pension funds.**

3. (1) The Minister shall, subject to the laws governing the public service, appoint an officer to be styled the Registrar of Pension Funds who shall, under the control of and subject to appeal to the Minister, exercise all such powers and perform all such duties as are assigned to him by this Act.

(2) The Minister shall similarly appoint an officer to be styled the Assistant Registrar of Pension Funds to assist the registrar in carrying out his duties as aforesaid.

(3) Every appeal to the Minister in terms of sub-section (1) shall be prosecuted in the manner and within the time prescribed by regulation.

## CHAPTER II.

### Registration and Incorporation.

**Registration of pension funds.**

4. (1) Every pension fund shall apply to the registrar for registration under this Act.

(2) An application under sub-section (1) shall be accompanied by particulars of the name and address of the person charged with the management of the affairs of the fund to which the application relates, and a copy of the rules of such fund, together with a certificate by a valuator as to the soundness of such rules from a financial point of view or, if no valuator has been employed, such information regarding their financial soundness as the applicant may possess, and a registration fee of one pound, and, in the case of a fund in existence at the commencement of this Act—

(*a*) a statement in detail of the revenue and expenditure of the fund in question for the last financial year for which accounts have been prepared, and a copy of its balance sheet as at the end of that year; and

(*b*) 'n opgawe aantonende in besonderhede die jongste waardasie van bates en laste deur 'n waardeerder gedoen, tesame met besonderhede aangaande die beginsels by die opstel van bedoelde waardasie toegepas, of, as so 'n waardasie nie gedoen is nie, sodanige besonderhede aangaande die geldelike toestand van die fonds as wat die applikant besit.

(3) By ontvangs van die dokumente in sub-artikels (1) en (2) genoem, moet die registrateur die fonds voorlopig registreer en moet hy 'n sertifikaat van voorlopige registrasie aan die applikant stuur.

(4) Indien die registrateur na oorweging van so 'n aansoek oortuig is—

(*a*) in die geval van 'n fonds wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan—

(i) dat die statute van die fonds nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie en op geldelik gesonde beginsels gebaseer is; en

(ii) dat die toestand van die fonds uit 'n geldelike oogpunt gesond is of dat genoegsame reëlings getref is om dit in 'n uit geldelike oogpunt gesonde toestand te bring binne 'n tydperk wat die registrateur bevredigend ag; of

(*b*) in die geval van 'n fonds na bedoelde inwerkingtreding opgerig, ten opsigte van die in sub-paragraaf (i) van paragraaf (*a*) vermelde aangeleenthede,

moet hy die fonds as 'n pensioenfonds registreer en 'n registrasiesertifikaat asook 'n afskrif van die statute van die fonds, waarop die datum van registrasie geëndosseer is, aan die applikant stuur, en daarop hou die fonds op om voorlopig geregistreer te wees.

(5) Indien die registrateur na oorweging van so 'n aansoek nie oortuig is betreffende al die aangeleenthede ten opsigte waarvan hy volgens sub-artikel (4) oortuig moet wees nie, moet hy die applikant skriftelik verwittig van die vereistes waaraan voldoen moet word ten einde hom aldus te oortuig.

(6) Die voorlopige registrasie van 'n fonds kragtens sub-artikel (3) is, behoudens die bepalings van sub-artikel (7), geldig vir 'n tydperk van vyf jaar.

(7) Wanneer 'n fonds wat kragtens hierdie artikel voorlopig geregistreer is, aan al die in sub-artikel (4) vermelde vereistes voldoen het, moet die registrateur die fonds registreer en aan hom 'n registrasiesertifikaat asook 'n afskrif van sy statute stuur waarop die datum van registrasie behoorlik geëndosseer is, en daarop hou die fonds op om voorlopig geregistreer te wees.

(8) Geen fonds word ingevolge hierdie Wet geregistreer of voorlopig geregistreer nie, behalwe volgens voorskrif van hierdie artikel.

**Uitwerking van registrasie van pensioenfonds.**

5. (1) By die registrasie ingevolge hierdie Wet—

(*a*) van 'n fonds wat 'n pensioenfondsorganisasie is volgens paragraaf (*a*) van die omskrywing van „pensioenfondsorganisasie" in sub-artikel (1) van artikel *een*, word die fonds, onder die naam waaronder hy aldus geregistreer is, en vir sover sy bedrywighede op enige van die in daardie omskrywing vermelde oogmerke betrekking het, met regspersoonlikheid beklee en bevoeg om in sy naam as regspersoon as eiser en verweerder in regte op te tree en om alle dinge te doen wat vir die uitoefening van sy bevoegdhede of die verrigting van sy werksaamhede ingevolge sy statute nodig is of daarmee in verband staan;

(*b*) van 'n fonds wat 'n pensioenfondsorganisasie volgens paragraaf (*b*) van bedoelde omskrywing is, word, ondanks andersluidende bepalings van een of ander wet of van die akte van oprigting, statute, konstitusie of reëls van enige liggaam, hetsy met regspersoonlikheid beklee, al dan nie, wat die besigheid van die fonds beheer, al die bates, regte, laste en verpligtings wat aan die besigheid van die fonds verbonde is, geag die bates, regte, laste en verpligtings van die fonds te wees, tot uitsluiting van enige ander persoon, en het niemand enige aanspraak op die bates of regte of enige aanspreeklikheid ten opsigte van die laste of verpligtings van die fonds nie, behalwe vir sover die eis ontstaan of die aanspreeklikheid opgeloop het in verband met transaksies betreffende die besigheid van die fonds;

(*c*) van enige fonds, berus die bates, regte, laste en verpligtings van die fonds (met inbegrip van bates deur

(*b*) a statement showing in detail the latest valuation of assets and liabilities made by a valuator, including particulars as to the principles applied in making such valuation, or, if no such valuation has been made, such particulars regarding the financial condition of the fund as the applicant may possess.

(3) Upon receipt of the documents referred to in sub-sections (1) and (2) the registrar shall register the fund provisionally and shall forward to the applicant a certificate of provisional registration.

(4) If after considering any such application, the registrar is satisfied—

(*a*) in the case of a fund which is in existence at the commencement of this Act—

(i) that the rules of the fund are not inconsistent with this Act and are based on sound financial principles; and

(ii) that the fund is in a financially sound condition or that adequate arrangements have been made to bring it into a financiallly sound condition within a period which the registrar considers satisfactory; or

(*b*) in the case of a fund established after such commencement, in respect of the matters specified in sub-paragraph (i) of paragraph (*a*),

he shall register the fund as a pension fund and send to the applicant a certificate of registration as well as a copy of the rules of the fund bearing an endorsement of the date of registration, and thereupon the fund shall cease to be provisionally registered.

(5) If after considering any such application, the registrar is not satisfied as regards all the matters in respect of which he is in terms of sub-section (4) required to be satisfied, he shall in writing indicate to the applicant the requirements to be complied with in order that he may be so satisfied.

(6) Subject to the provisions of sub-section (7) the provisional registration of a fund under sub-section (3) shall be valid for a period of five years.

(7) Whenever a fund which is provisionally registered under this section has complied with all the requirements specified in sub-section (4), the registrar shall register the fund and transmit to it a certificate of registration as well as a copy of its rules with the date of registration duly endorsed thereon, and thereupon the fund shall cease to be provisionally registered.

(8) No fund shall be registered or provisionally registered under this Act except as provided in this section.

**Effect of registration of pension fund.**

5. (1) Upon the registration under this Act—

(*a*) of a fund which is a pension fund organization in terms of paragraph (*a*) of the definition of "pension fund organization" in sub-section (1) of section *one*, the fund shall, under the name by which it is so registered, and in so far as its activities are concerned with any of the objects set out in that definition, become a body corporate capable of suing and being sued in its corporate name and of doing all such things as may be necessary for or incidental to the exercise of its powers or the performance of its functions in terms of its rules;

(*b*) of a fund which is a pension fund organization in terms of paragraph (*b*) of the said definition, all the assets, rights, liabilities and obligations pertaining to the business of the fund shall, notwithstanding anything contained in any law or in the memorandum, articles of association, constitution or rules of any body corporate or unincorporate having control of the business of the fund, be deemed to be assets, rights, liabilities and obligations of the fund to the exclusion of any other person, and no person shall have any claim on the assets or rights or be responsible for any liabilities or obligations of the fund, except in so far as the claim has arisen or the responsibility has been incurred in connection with transactions relating to the business of the fund;

(*c*) of any fund, the assets, rights, liabilities and obligations of the fund (including any assets held by any person

enigiemand in trust vir die fonds gehou) soos dit onmiddellik voor sy registrasie bestaan, by en gaan dit oor op die geregistreerde fonds sonder enige formele oordrag of sessie.

(2) Alle gelde en bates behorende aan 'n pensioenfonds moet deur daardie fonds gehou word en elke fonds moet sodanige rekeningboeke en ander registers hou as wat vir die doeleindes van sodanige fonds nodig mag wees.

**Verdeling van bates en laste tussen pensioenfondsorganisasie en ander geassosieerde besigheid.**

6. (1) Binne twaalf maande na die registrasie onder hierdie Wet van 'n pensioenfonds waarvan die besigheid gedryf word of was deur 'n onderneming as 'n deel van of tesame met enige ander besigheid waarmee daardie onderneming hom besig hou of gehou het, moet die persoon wat die besigheid van dié onderneming beheer by die registrateur voorstelle indien met betrekking tot die verdeling van die bates, regte, laste en verpligtings van daardie onderneming tussen die fonds en bedoelde ander besigheid.

(2) Indien die voorstelle in sub-artikel (1) bedoel, nie binne die in daardie sub-artikel bepaalde tydperk ontvang word nie, stel die registrateur voorstelle op vir die verdeling van die bates, regte, laste en verpligtings van daardie onderneming tussen die fonds en bedoelde ander besigheid op die wyse wat hy met behoorlike inagneming van al die omstandighede billik ag.

(3) Die registrateur kan ten einde voorstelle ingevolge sub-artikel (2) op te stel, enigiemand wat die betrokke onderneming beheer, aansê om binne 'n deur hom vermelde tydperk enige inligting by hom in te dien met betrekking tot die besigheid of enige deel van die besigheid wat daardie onderneming dryf of gedryf het, met inbegrip van die besigheid van bedoelde pensioenfonds, tesame met sodanige verslae deur 'n waardeerder of (na goeddunke van die registrateur), deur die ouditeur van daardie onderneming, soos die registrateur gelas.

(4) So gou doenlik na die ontvangs van enige voorstelle ingevolge sub-artikel (1) of nadat hy enige voorstelle ingevolge sub-artikel (2) opgestel het, moet die registrateur 'n afskrif daarvan aan die hoofbeampte van die fonds stuur en op rekening van die fonds in die *Staatskoerant* en in ten minste een Engelse en een Afrikaanse nuusblad in omloop in die distrik waarin die hoofkantoor van die onderneming geleë is, 'n kennisgewing publiseer—

(*a*) waarin vermeld word dat so 'n verdeling beoog word;

(*b*) waarin die plek of plekke vermeld word waar afskrifte van die betrokke voorstelle vir 'n tydperk van dertig dae vanaf 'n in die kennisgewing vermelde datum vir insae deur belanghebbende persone beskikbaar sal wees; en

(*c*) waarby belanghebbende persone aangesê word om binne bedoelde tydperk van dertig dae enige vertoë wat hulle nodig ag, by die registrateur in te dien.

(5) By verstryking van die tydperk in paragraaf (*c*) van sub-artikel (4) genoem, moet die registrateur daartoe oorgaan om enige skriftelike vertoë ingevolge die betrokke kennisgewing by hom ingedien, en enige mondelinge vertoë wat iemand deur wie sodanige skriftelike vertoë ingedien is, of die persoon wat die besigheid van die onderneming beheer, aan hom wil voorlê, te oorweeg, en daarna moet hy die betrokke voorstelle soos opgestel of met die wysigings wat hy nodig ag, goedkeur.

(6) 'n Beslissing van die registrateur kragtens sub-artikel (5) s bindend vir alle persone wat daardeur geraak word.

## HOOFSTUK III.

### Wyse van Administrasie en Bevoegdhede van Geregistreerde Fondse.

**Geregistreerde kantoor.**

7. (1) Elke geregistreerde fonds moet 'n geregistreerde kantoor in die Unie hê.

(2) Die diening van prosesstukke in 'n regsgeding teen so 'n fonds kan geskied deur hulle op die geregistreerde kantoor te laat, en ingeval so 'n geregistreerde kantoor opgehou het om te bestaan, word diening op die registrateur geag diening op die fonds te wees.

**Hoofbeampte.**

8. (1) Elke geregistreerde fonds moet 'n uitvoerende hoofbeampte hê.

(2) Die hoofbeampte van 'n geregistreerde fonds moet 'n indiwidu wees wat in die Unie woonagtig is, en indien hy uit die Unie afwesig is of om een of ander rede nie in staat is om 'n plig wat hom deur 'n bepaling van hierdie Wet

in trust for the fund), as existing immediately prior to its registration, shall vest in and devolve upon the registered fund without any formal transfer or cession.

(2) All moneys and assets belonging to a pension fund shall be kept by that fund and every fund shall maintain such books of account and other records as may be necessary for the purpose of such fund.

**Allocation of assets and liabilities between pension fund organization and other associated business.**

6. (1) Within twelve months after the registration under this Act of a pension fund the business whereof is or has been carried on by any undertaking as part of or in conjunction with any other business in which that undertaking is or has been engaged, the person having control of the business of that undertaking shall submit to the registrar proposals as to the apportionment of the assets, rights, liabilities and obligations of that undertaking between the fund and such other business.

(2) If the proposals mentioned in sub-section (1) are not received within the period specified in that sub-section the registrar shall prepare proposals for the apportionment of the assets, rights, liabilities and obligations of that undertaking between the fund and such other business in such a manner as he may with due regard to all the circumstances consider equitable.

(3) The registrar may for the purpose of preparing any proposals under sub-section (2), require any person having control of the undertaking in question, to lodge with him, within such period as he may specify, any information relating to the business or any part of the business which is or has been carried on by that undertaking, including the business of such pension fund, together with such reports by a valuator or (at the discretion of the registrar) by the auditor of that undertaking, as the registrar may direct.

(4) As soon as practicable after having received any proposals under sub-section (1) or after having prepared any proposals as provided in sub-section (2), the registrar shall transmit a copy thereof to the principal officer of the fund and publish at the expense of the fund in the *Gazette* and in at least one English and one Afrikaans newspaper circulating in the district in which the head office of the undertaking is situate, a notice—

(*a*) indicating that such apportionment is contemplated;

(*b*) stating the place or places where copies of the proposals in question will be available for inspection by interested persons for a period of thirty days from a date specified in the notice; and

(*c*) calling upon interested persons to submit to the registrar whatever representations they may deem necessary within the said period of thirty days.

(5) Upon the expiration of the period mentioned in paragraph (*c*) of sub-section (4), the registrar shall proceed to consider any written representations lodged with him in pursuance of the relevant notice and any oral representations which any person who lodged such written representations or the person having control of the business of the undertaking may desire to submit to him, and shall thereafter approve of the proposals in question as drafted or with such modifications as he may deem necessary.

(6) A decision made by the registrar under sub-section (5) shall be binding upon all persons affected thereby.

## CHAPTER III.

### Manner of Administration and Powers of Registered Funds.

**Registered office**

7. (1) Every registered fund shall have a registered office in the Union.

(2) Process in any legal proceedings against any such fund may be served by leaving it at the registered office, and in the event of such registered office having ceased to exist, service upon the registrar shall be deemed to be service upon the fund.

**Principal officer.**

8. (1) Every registered fund shall have a principal executive officer.

(2) The principal officer of a registered fund shall be an individual who is resident in the Union, and if he is absent from the Union or unable for any reason to discharge any duty imposed upon him by any provision of this Act, the fund shall,

opgelê word, uit te voer nie, moet die fonds op die deur sy statute voorgeskrewe wyse binne dertig dae iemand anders as sy hoofbeampte aanstel.

(3) Binne dertig dae vanaf die registrasie van 'n fonds kragtens hierdie Wet, moet die persoon wat die besigheid van die fonds bestuur die registrateur van die naam van die hoofbeampte van die fonds in kennis stel.

(4) Wanneer 'n geregistreerde fonds 'n nuwe hoofbeampte aangestel het, moet die persoon wat die besigheid van die fonds bestuur binne dertig dae vanaf so 'n aanstelling die registrateur skriftelik daarvan in kennis stel.

**Aanstelling van ouditeur.**

9. Elke geregistreerde fonds moet 'n ouditeur wat kragtens die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951, geregistreer is en wat nie 'n beampte van die fonds mag wees nie, aanstel soos voorgeskryf in sy statute behalwe waar die rekenings van so 'n fonds ingevolge een of ander wetsbepaling deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal geouditeer moet word.

**Besigheid wat gedryf mag word.**

10. 'n Geregistreerde fonds mag geen ander besigheid as die besigheid van 'n pensioenfonds dryf nie: Met dien verstande dat die registrateur kan goedkeur dat 'n fonds sodanige ander besigheid op sodanige voorwaardes en vir sodanige tydperk as wat hy mag bepaal, dryf indien die registrateur tevrede is dat dit nodig is ten einde 'n belegging van die fonds te beskerm.

**Sake wat in statute opgeneem moet word.**

11. Die statute van 'n fonds moet in een van die offisiële tale van die Unie wees en moet voorsiening ten opsigte van die volgende aangeleenthede bevat, te wete—

(*a*) die naam van die fonds en waar sy geregistreerde kantoor geleë is;

(*b*) die oogmerke van die fonds;

(*c*) die vereistes insake toelating tot lidmaatskap en die omstandighede waaronder lidmaatskap beëindig word;

(*d*) die voorwaardes waarop 'n lid of ander persoon op voordele geregtig word en die aard en omvang van sodanige voordele;

(*e*) die aanstelling, ontslag, bevoegdhede en besoldiging (as daar is) van beamptes van die fonds;

(*f*) die bevoegdhede insake beleggings van fondse;

(*g*) die wyse waarop winste en verliese vasgestel word en waarop sulke winste aangewend en vir sulke verliese voorsiening gemaak word;

(*h*) die wyse waarop kontrakte en ander dokumente wat die fonds bind, verly moet word;

(*a*) grant loans, secured by a first mortgage of immovable property, by way of investment of its funds, to any of its members, if the mortgaged property is property on which a dwelling house has been or is to be erected: Provided that such a loan shall in no case exceed seventy-five per cent. of the market value of the property

waarde van die eiendom wat aangeskaf staan te word, plus die bedrag wat die betrokke lid op die datum van die lening sou ontvang het, as hy sy lidmaatskap vrywilliglik op daardie datum beëindig het, te bowe gaan nie;

(*b*) sonder verdere sekerheidstelling lenings aan enigeen van sy lede toestaan: Met dien verstande dat die bedrag van die lening aan die betrokke lid hoogstens een-derde mag wees van die bedrag wat dié lid op die datum van die lening sou ontvang het as hy op dié datum vrywillig sy lidmaatskap beëindig het; en

(*c*) tot 'n ander kragtens hierdie Wet geregistreerde pensioenfonds of 'n fonds van watter aard ook wat vir die voordeel van die werknemers van bedoelde geregistreerde fonds gedryf word, bydra.

(6) Die Minister kan enige fonds opgerig of gedryf deur 'n godsdienstige inrigting algeheel of gedeeltelik vrystel van voldoening aan die bepalings van sub-artikel (1), en kan onder buitengewone omstandighede, en op die voorwaardes en vir die tydperke wat hy mag bepaal, enige fonds tydelik vrystel van voldoening aan daardie bepalings of aan enige bepaling van sub-artikel (4) of (5).

**Vereistes insake stukke wat by registrateur ingedien moet word.**

**20.** (1) 'n Geregistreerde fonds word geag nie aan 'n bepaling van hierdie Wet wat aan so 'n fonds die verpligting oplê om aan die registrateur 'n deur die fonds opgestelde dokument te verstrek, te voldoen het nie, tensy so 'n dokument deur die hoofbeampte en een ander persoon ooreenkomstig die statute van die fonds gemagtig om dokumente te teken, onderteken is.

(2) Indien 'n persoon (behalwe 'n ouditeur of 'n waardeerder) wat nie 'n natuurlike persoon is nie, deur 'n bepaling van hierdie Wet verplig is om 'n dokument wat aan die registrateur verstrek moet word, te onderteken, moet so 'n dokument as volg namens daardie persoon onderteken word, te wete—

(*a*) indien bedoelde persoon 'n komitee van indiwidu's is, deur die persoon wat dan aan die hoof van die komitee is en deur een ander lid daarvan;

(*b*) indien bedoelde persoon 'n vereniging van persone is, deur die indiwidu wat dan aan die hoof is van die raad van direkteure of ander komitee wat bedoelde vereniging beheer, en deur een ander lid van bedoelde raad of komitee;

(*c*) in enige ander geval, deur indiwidu's deur die registrateur aangewys, wat enige beheer oor die besigheid van bedoelde persoon uitoefen.

(3) Iemand wat ooreenkomstig 'n bepaling van hierdie Wet aan die registrateur—

(*a*) 'n oorspronklike dokument moet verstrek, moet ook die addisionele afskrifte daarvan, maar hoogstens drie, verstrek wat by regulasie voorgeskryf mag wees of wat die registrateur mag verlang;

(*b*) 'n afskrif van 'n dokument moet verstrek, moet een afskrif daarvan verstrek wat as korrek gesertifiseer is—

(i) in die geval van 'n geregistreerde fonds, deur sy hoofbeampte; en

(ii) in enige ander geval, deur die persoon deur wie bedoelde afskrif verstrek moet word,

tesame met soveel addisionele afskrifte, maar hoogstens drie, as wat by regulasie voorgeskryf mag wees of wat die registrateur mag verlang.

**Registrateur kan aanvullende besonderhede in die geval van sekere aansoeke en opgawes verlang.**

**21.** (1) Indien die registrateur van oordeel is dat—

(*a*) 'n aansoek om registrasie van 'n fonds of van 'n wysiging of herroeping van statute, of van 'n aanvullende statuut; of

(*b*) 'n opgawe of skema aangaande die finansiële toestand van 'n fonds,

nie genoegsame inligting verskaf om hom in staat te stel om die nodige beslissing te gee nie, moet die betrokke persoon sodanige verdere besonderhede verskaf as wat die registrateur nodig ag.

(2) Indien die registrateur van oordeel is dat 'n sertifikaat of spesiale verslag deur 'n waardeerder of deur die ouditeur van 'n fonds nodig is in verband met enige saak in sub-artikel (1) uiteengesit, moet die betrokke persoon sodanige sertifikaat of verslag as wat die registrateur verlang, verstrek.

**Insae van dokumente.**

**22.** (1) Iedereen kan, teen betaling van die by regulasie voorgeskrewe gelde, enige dokument wat in artikel *vyf-en-dertig* genoem word, by die kantoor van die registrateur insien en 'n afskrif daarvan of uittreksels daaruit maak of 'n afskrif daarvan of uittreksel daaruit van die registrateur verkry.

to be acquired plus the amount the member concerned would have received on the date of the loan had he terminated his membership voluntarily on that date;

(*b*) grant loans without further security to any of its members: Provided that the amount of the loan to the member concerned shall not exceed one-third of the amount which such member would have received on the date of the loan, had he terminated his membership voluntarily on that date; and

(*c*) contribute to any other pension fund registered under this Act or any fund of any kind whatsoever which is conducted for the benefit of the employees of the said registered fund.

(6) The Minister may exempt either wholly or in part any fund established or conducted by a religious institution from compliance with the provisions of sub-section (1), and may under exceptional circumstances, and on such conditions and for such periods as he may determine, temporarily exempt any fund from compliance with those provisions or with any provision of sub-section (4) or (5).

**Requirements in regard to documents to be deposited with registrar.**

20. (1) A registered fund shall be deemed not to have complied with any provision of this Act, which imposes upon such fund the obligation to furnish to the registrar a document prepared by the fund, unless such document is signed by the principal officer and one other person authorized in accordance with the rules of the fund to sign documents.

(2) If any person (other than an auditor or a valuator) who is not a natural person, is required by any provision of this Act to sign any document which is to be furnished to the registrar, such document shall be signed on behalf of such person as follows, that is to say—

(*a*) if such person is a committee of individuals, by the person for the time being at the head of the committee and by one other member thereof;

(*b*) if such person is an association of persons, by the individual who is for the time being at the head of the board of directors or other committee controlling such association, and by one other member of such board or committee;

(*c*) in any other case, by individuals designated by the registrar, who exercise any control over the business of the said person.

(3) Any person who is required in terms of any provision of this Act to furnish to the registrar—

(*a*) any original document, shall also furnish such additional copies thereof, not exceeding three in number, as may be prescribed by regulation or as the registrar may require;

(*b*) a copy of any document, shall furnish one copy thereof certified as correct—

(i) in the case of a registered fund, by its principal officer; and

(ii) in any other case, by the person by whom such copy is required to be furnished,

together with so many additional copies, not exceeding three, as may be prescribed by regulation or as the registrar may require.

**Registrar may require additional particulars in case of certain applications and returns.**

21. (1) If the registrar is of opinion that—

(*a*) any application for registration of a fund or of an alteration or rescission of rules or of an additional rule; or

(*b*) any return or scheme relating to the financial condition of a fund,

does not disclose sufficient information to enable him to make the necessary decision, the person concerned shall furnish such additional particulars as the registrar may deem necessary.

(2) If the registrar is of opinion that a certificate or special report by a valuator or by the auditor of a fund is necessary in regard to any matter set out in sub-section (1), the person concerned shall furnish such certificate or report as the registrar may require.

**Inspection of documents.**

22. (1) Upon payment of the fees prescribed by regulation any person may inspect at the office of the registrar any document referred to in section *thirty-five* and make a copy thereof or take extracts therefrom, or obtain from the registrar a copy thereof or extract therefrom.

(2) Die registrateur kan enigeen vrystel van die verpligting om gelde ingevolge hierdie artikel te betaal, indien hy oortuig is dat die betrokke insae, afskrif of uittreksel ter bevordering van een of ander openbare belang verlang word.

(3) Die registrateur verstrek sonder betaling aan iemand wat daarom aansoek doen besonderhede van die adres van die geregistreerde kantoor en die naam van die hoofbeampte van 'n geregistreerde fonds.

Uitwerking van sertifikaat van registrateur op dokumente.

23. Elke dokument wat heet deur die registrateur gesertifiseer te wees as 'n dokument wat ingevolge die bepalings van hierdie Wet by sy kantoor ingedien is, of as 'n afskrif van so 'n dokument, word *prima facie* geag so 'n dokument of afskrif daarvan te wees, en elke sodanige afskrif is as bewysstuk toelaatbaar asof dit die oorspronklike dokument was.

## HOOFSTUK V.

### Navrae deur Registrateur, Aansoeke by die Hof, Kansellering of Opskorting van Registrasie en Ontbinding van Fondse.

Navrae.

24. Die registrateur kan aan 'n geregistreerde fonds navrae rig met betrekking tot enige saak aangaande sy besigheid of transaksies, en dit is die plig van die fonds om binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum waarop die registrateur navraag gedoen het of binne so 'n verdere tydperk as wat die registrateur mag toelaat, so 'n navraag skriftelik te beantwoord.

Ondersoek na sake van 'n fonds.

25. (1) Met toestemming van die Minister kan die registrateur die sake of enige gedeelte van die sake van 'n geregistreerde fonds ondersoek, of 'n inspekteur aanstel om so 'n ondersoek te doen en om die uitslag van sy ondersoek aan die registrateur te rapporteer—

(*a*) indien die fonds wanneer hy versuim het om 'n opgawe wat deur hierdie Wet vereis word, te verstrek, in gebreke gebly het om bedoelde opgawe te verstrek binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die eerste datum waarop die registrateur skriftelik die aandag van die fonds op sodanige versuim gevestig het; of

(*b*) indien die fonds nie binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 'n datum waarop die registrateur skriftelik van hom enige gegewens geëis het wat die registrateur kragtens hierdie Wet geregtig was om van hom te eis, daardie gegewens ten volle en op bevredigende wyse verstrek het nie; of

(*c*) indien enige opgawe deur die fonds aan die registrateur verstrek, aandui dat die fonds versuim het om 'n belangrike bepaling van hierdie Wet na te kom; of

(*d*) indien die ouditeur die fonds in kennis gestel het van 'n onreëlmatigheid wat verbeter moet word, en die fonds nie die bedoelde onreëlmatigheid verbeter het nie binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum waarop die registrateur die fonds skriftelik aangesê het om die onreëlmatigheid te verbeter; of

(*e*) indien die registrateur oor inligting beskik wat volgens sy oordeel 'n ondersoek na die sake van die fonds vereis:

Met dien verstande dat geen ondersoek uit hoofde van hierdie paragraaf gedoen word nie tensy die registrateur aan die fonds 'n redelike geleentheid gegee het om 'n verklaring te verstrek omtrent enige aangeleentheid waarop die registrateur se oordeel berus, en die fonds versuim het om so 'n verklaring te verstrek of 'n verklaring verstrek het wat die registrateur as onbevredigend beskou.

(2) Die registrateur verhaal op die betrokke fonds alle koste noodsaaklikerwys in verband met die ondersoek aangegaan, tensy die registrateur kragtens paragraaf (*e*) van sub-artikel (1) gehandel het en dit blyk dat die gegewens waarop hy aldus gehandel het, onjuis was.

(3) Wanneer hy 'n ondersoek kragtens hierdie artikel instel, kan die registrateur of 'n inspekteur wat ingevolge sub-artikel (1) aangestel is, die oorlegging van enige van die effekte, boeke of dokumente van die fonds eis, en enige persoon wat 'n ouditeur, beampte, aandeelhouer of lid van die fonds is of voorheen was onder eed in verband met die besigheid van die fonds ondervra, en vir die doel van so 'n ondervraging aan so 'n persoon 'n eed oplê.

(4) So 'n persoon is verplig om alle effekte, boeke of dokumente van die fonds wat vir hom beskikbaar is, op versoek aan die registrateur of die inspekteur oor te lê, en om op versoek aan die registrateur of die inspekteur alle inligting omtrent die sake van die fonds waaroor hy beskik, te verstrek.

(2) The registrar may exempt any person from the obligation to pay fees under this section if he is satisfied that the inspection, copy or extract in question is desired for the purpose of furthering some public interest.

(3) The registrar shall without charge furnish any applicant therefor with particulars of the address of the registered office and the name of the principal officer of any registered fund.

**Effect of registrar's certificate on documents**

23. Every document which purports to have been certified by the registrar to be a document deposited at his office under the provisions of this Act, or to be a copy of such a document, shall *prima facie* be deemed to be such a document, or a copy thereof, and every such copy shall be admissible in evidence as if it were the original document.

## CHAPTER V.

### ENQUIRIES BY REGISTRAR, APPLICATIONS TO COURT, CANCELLATION OR SUSPENSION OF REGISTRATION AND DISSOLUTION OF FUNDS.

**Enquiries.**

24. The registrar may address enquiries to any registered fund in relation to any matter connected with its business or transactions, and it shall be the duty of the fund to reply in writing thereto within a period of thirty days as from the date upon which the registrar addressed the enquiry to it or within such further period as the registrar may allow.

**Investigation of the affairs of a fund.**

25. (1) The registrar may, with the consent of the Minister, investigate the affairs or any part of the affairs of a registered fund, or appoint an inspector to hold such an investigation and to report the result of his investigation to the registrar—

(*a*) if the fund, having failed to make a return required by this Act, has not made that return within a period of thirty days from the first date upon which the registrar drew the attention of the fund in writing to such failure; or

(*b*) if the fund has not, within a period of thirty days as from a date upon which the registrar demanded from it in writing any information which the registrar was entitled under this Act to demand from it, furnished that information fully and satisfactorily; or

(*c*) if any return furnished by the fund to the registrar shows that the fund has failed to comply with any material provision of this Act; or

(*d*) if the auditor has informed the fund of an irregularity that needs correction and the fund has not corrected that irregularity within a period of thirty days as from the date upon which the registrar called upon the fund in writing to correct the irregularity; or

(*e*) if the registrar is possessed of information which in his opinion calls for an investigation into the affairs of the fund: Provided that no investigation shall be held by virtue of this paragraph unless the registrar has afforded the fund a reasonable opportunity of furnishing an explanation of any matter which forms a ground for the registrar's opinion, and the fund has failed to furnish such explanation or has furnished an explanation which the registrar regards as unsatisfactory.

(2) The registrar shall recover from the fund concerned all expenses necessarily incurred in connection with the investigation, unless the registrar acted under paragraph (*e*) of sub-section (1) and the information on which he so acted is proved to have been incorrect.

(3) In making an investigation under this section the registrar or an inspector appointed under sub-section (1) may require from the fund the production of any of its securities, books or documents and may examine on oath in relation to its business any person who is or formerly was an auditor, officer, shareholder or member of the fund, and may administer an oath to any such person for the purpose of that examination.

(4) It shall be the duty of every such person to produce to the registrar or to the inspector at his request all the securities, books or documents of the fund which are available to him and to give to the registrar or to the inspector, at his request, any information at his disposal relating to the affairs of the fund.

(5) Wanneer 'n ingevolge hierdie artikel aangestelde inspekteur sy ondersoek voltooi het, doen hy daaromtrent verslag aan die registrateur wat 'n afskrif van die verslag aan die fonds moet stuur, en indien die ondersoek deur die registrateur ingestel is, stuur hy aan die fonds 'n opsomming van die gevolgtrekkings waartoe hy as gevolg van die ondersoek geraak het.

**Die hof kan die basis van die bestuur van 'n fonds wysig.**

26. (1) Indien 'n geregistreerde fonds volgens die registrateur se oordeel nie in 'n gesonde finansiële toestand is nie, en indien so 'n fonds versuim het om ooreenkomstig die bepalings van artikel *agtien* te handel of indien sodanige optrede nodig is as gevolg van 'n ondersoek kragtens artikel *vyf-en-twintig*, kan die registrateur by die hof aansoek doen om 'n bevel waarby gelas word dat die statute van die fonds met betrekking tot die aanstelling, bevoegdhede, besoldiging (as daar is) en ontslag van die persoon wat die besigheid van die fonds bestuur, of aangaande so 'n ander aangeleentheid as wat die registrateur gepas ag, gewysig word op 'n wyse deur die registrateur in die aansoek vermeld.

(2) Die hof moet die regmatige belange van die lede van die fonds (of van die verskillende klasse van lede, indien daar meer as een sodanige klas is) en van enige ander persoon wat aan die fonds finansiële hulp verleen het of voornemens is om dit te verleen, in aanmerking neem en moet, onderworpe aan die oorwegings voormeld, so 'n bevel uitvaardig as wat hy vir die lede van die fonds die voordeligste ag.

(3) Tensy die hof anders beveel, word die koste van die registrateur met of in verband met 'n aansoek kragtens hierdie artikel deur die fonds betaal, en geniet dit voorkeur bo ander laste teen die bates van so 'n fonds.

**Kansellering of opskorting van registrasie.**

27. (1) Die registrateur moet die registrasie van 'n fonds kanselleer—

(*a*) indien daar bewys gelewer word wat hom oortuig dat die fonds nie meer bestaan nie; of

(*b*) indien die registrateur en die fonds saamstem dat die fonds per abuis geregistreer is onder omstandighede wat nie op bedrog neerkom nie:

Met dien verstande dat die registrateur onder die omstandighede in paragraaf (*b*) vermeld, die registrasie kan opskort instede van dit te kanselleer, as hy oortuig is dat die fonds daardeur 'n geleentheid sal kry om bedoelde fout te herstel op 'n wyse wat met die bepalings van hierdie Wet bestaanbaar is, en as die fonds daardie fout tot bevrediging van die registrateur herstel, moet laasgenoemde daarop bedoelde registrasie vanaf die opskortingsdatum herstel, maar indien die fout nie binne 'n tydperk deur die registrateur bepaal, herstel word nie, moet hy die registrasie van die fonds kanselleer.

(2) Die registrateur kan by die hof aansoek doen om die kansellering of opskorting van die registrasie van 'n fonds indien—

(*a*) die fonds opsetlik en na kennisgewing van die registrateur 'n bepaling van hierdie Wet geskend het; of

(*b*) die registrateur as gevolg van 'n ondersoek kragtens artikel *vyf-en-twintig*, van oordeel is dat die registrasie gekanselleer of opgeskort behoort te word.

(3) Die hof kan die registrasie van die fonds kanselleer, of sodanige registrasie vir so 'n tydperk as wat hy goedvind, opskort, en kan aan daardie kansellering of opskorting sulke voorwaardes heg as wat hy wenslik ag, of enige ander bevel uitvaardig wat hy onder die omstandighede wenslik ag.

(4) Tensy die hof anders beveel, is die koste van die registrateur met of in verband met die aansoek deur die fonds betaalbaar, en geniet dit voorkeur bo ander laste teen die bates van so 'n fonds.

**Vrywillige ontbinding van fonds.**

28. (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel word 'n geregistreerde fonds beëindig of ontbind onder die omstandighede (as daar is) wat vir daardie doel in sy statute vermeld mag word en op die wyse deur daardie statute bepaal, en die bates van die fonds word in so 'n geval op die deur bedoelde statute bepaalde wyse verdeel.

(2) 'n Likwidateur word aangestel op die wyse deur die statute bepaal of, as die statute geen bepalings omtrent so 'n aanstelling bevat nie, deur die persoon wat die besigheid van die fonds bestuur, maar die aanstelling is onderworpe aan die goedkeuring van die registrateur, en die likwidasietermyn word geag op die datum van sodanige goedkeuring 'n aanvang te neem.

(3) Gedurende so 'n likwidasie bly die bepalings van hierdie Wet van toepassing op so 'n fonds asof die likwidateur die persoon is wat die besigheid van die fonds bestuur.

(4) Die likwidateur moet so spoedig doenlik 'n voorlopige rekening en 'n voorlopige balansstaat, deur onderteken en

(5) When an inspector appointed under this section has completed his investigation, he shall report thereon to the registrar, who shall transmit a copy of the report to the fund, and if the investigation was held by the registrar, he shall transmit a summary of the conclusions arrived at by him as a result of the investigation to the fund.

**The court may alter the basis of management of a fund.**

26. (1) If in the opinion of the registrar a registered fund is not in a sound financial condition, and if such fund has failed to act in accordance with the provisions of section *eighteen*, or if such action is necessary as a result of an investigation under section *twenty-five*, the registrar may apply to the court for an order directing that the rules of the fund relating to the appointment, powers, remuneration (if any) and removal from office of the person managing the business of the fund, or relating to such other matter as the registrar may regard as appropriate, be altered in a manner to be specified by the registrar in such application.

(2) The court shall consider the equitable interests of the members of the fund (or of the several classes of membe·s if there is more than one such class) and of any other person who has rendered or who intends to render financial assistance to the fund, and, subject to such considerations as aforesaid, shall make such order as it deems most advantageous to the members of the fund.

(3) Unless the court otherwise orders, the costs of the registrar in or in connection with an application in terms of this section shall be paid by the fund, and shall be a first charge upon the assets of such fund.

**Cancellation or suspension of registration.**

27. (1) The registrar shall cancel the registration of a fund—

(*a*) on proof to his satisfaction that the fund has ceased to exist; or

(*b*) if the registrar and the fund are agreed that the fund was registered by mistake in circumstances not amounting to fraud:

Provided that in the circumstances stated in paragraph (*b*), the registrar may suspend the registration in lieu of cancelling it, if he is satisfied that by so doing the fund will be furnished with an opportunity of rectifying the said mistake in a manner consistent with the provisions of this Act, and if the fund does rectify such mistake to the satisfaction of the registrar, the latter shall thereupon reinstate the said registration, as from the date of suspension but if the mistake is not rectified within a period specified by the registrar he shall cancel the registration of the fund.

(2) The registrar may apply to the court for the cancellation or suspension of the registration of a fund if—

(*a*) the fund has wilfully and after notice from the registrar violated any provision of this Act; or

(*b*) the registrar is of opinion, as a result of an investigation under section *twenty-five*, that the registration should be cancelled or suspended.

(3) The court may cancel the registration of the fund or suspend such registration for such period as it thinks fit, and may attach to such cancellation or suspension such conditions as it thinks desirable, or may make any other order which in the circumstances it thinks desirable.

(4) Unless the court otherwise orders, the costs of the registrar in or in connection with the application shall be paid by the fund and shall be a first charge upon the assets of such fund.

**Voluntary dissolution of fund.**

28. (1) Subject to the provisions of this section, a registered fund may be terminated or dissolved in such circumstances (if any) as may be specified for that purpose in its rules and in the manner provided by such rules, and the assets of the fund shall in that event be distributed in the manner provided by the said rules.

(2) A liquidator shall be appointed in the manner directed by the rules, or, if the rules do not contain directions as to such appointment, by the person managing the business of the fund, but such appointment shall be subject to the approval of the registrar, and the period of liquidation shall be deemed to commence as from the date of such approval.

(3) During such liquidation the provisions of this Act shall continue to apply to such fund as if the liquidator were the person managing the business of the fund.

(4) The liquidator shall as soon as may be deposit with the registrar preliminary account and a preliminary balance sheet

as korrek gesertifiseer, by die registrateur indien, wat die bates en laste van die fonds by die aanvang van die likwidasie en die wyse waarop voorgestel word om die bates tot geld te maak en die laste te vereffen, aantoon, met inbegrip van laste en voorwaardelike laste wat teenoor of ten opsigte van lede bestaan.

(5) Die registrateur kan na goeddunke die likwidateur gelas om 'n verslag opgestel deur 'n onafhanklike waardeerder of ander bevoegde persoon deur die registrateur benoem, oor die voorlopige rekening en voorlopige balansstaat te verstrek.

(6) Die in sub-artikel (5) bedoelde voorlopige rekening, voorlopige balansstaat en verslag (as daar is) word by die kantoor van die registrateur en by die geregistreerde kantoor van so 'n fonds en wanneer die geregistreerde kantoor van die fonds in 'n ander distrik is as die distrik waarin die kantoor van die registrateur geleë is, by die kantoor van die magistraat van die distrik waarin die geregistreerde kantoor van die fonds geleë is, beskikbaar gestel vir insae deur belanghebbende persone vir 'n tydperk van dertig dae.

(7) Die registrateur laat op rekening van so 'n fonds, in die *Staatskoerant* en in een Engelse en een Afrikaanse nuusblad in omloop in die distrik waarin die geregistreerde kantoor van so 'n fonds geleë is, 'n kennisgewing publiseer wat die tydperk waarin en die plekke waar die voorlopige rekening, voorlopige balansstaat en verslag (as daar is) vir insae soos voormeld beskikbaar sal wees, vermeld, en so 'n kennisgewing moet alle belanghebbende persone wat enige beswaar het teen vermelde voorlopige rekening, voorlopige balansstaat en verslag (as daar is) aansê om hul besware skriftelik by die registrateur in te dien binne 'n in die kennisgewing vermelde tydperk wat nie minder as veertien dae vanaf die laaste dag waarop voormelde dokumente vir insae beskikbaar is, moet wees nie.

(8) Indien geen besware ingevolge sub-artikel (7) by die registrateur ingedien word nie, moet hy die likwidateur gelas om die likwidasie te voltooi.

(9) Indien ingevolge sub-artikel (7) besware by die registrateur ingedien is, kan die registrateur, nadat hy daardie besware oorweeg het, die likwidateur gelas om die voorlopige rekening en voorlopige balansstaat te wysig, of sodanige ander opdragte aangaande die likwidasie gee as wat hy goedvind, mits sulke opdragte nie met die statute van die fonds onbestaanbaar is nie, en so 'n opdrag bind die likwidateur.

(10) Binne veertien dae nadat hy 'n opdrag ingevolge sub-artikel (9) van die registrateur ontvang het, moet die likwidateur 'n afskrif daarvan per pos aan elke lid, aandeelhouer en skuldeiser van die fonds stuur, en die likwidateur, of iemand wat hom deur so 'n opdrag van die registrateur veronreg voel, kan binne agt-en-twintig dae nadat bedoelde opdrag aan die likwidateur meegedeel is, die hof by mosie om 'n bevel versoek wat die registrateur se beslissing ter syde stel, en die hof kan bedoelde beslissing bekragtig, of die bevel uitreik wat hy goedvind.

(11) Indien die registrateur oortuig is dat sy bevele vir sover hulle nie deur die hof gewysig of ter syde gestel is nie, uitgevoer is, moet hy die likwidateur gelas om die likwidasie te voltooi.

(12) Die likwidateur moet, binne dertig dae na die voltooiing van die likwidasie, by die registrateur 'n finale rekening en 'n finale balansstaat deur hom onderteken en as korrek gesertifiseer, indien, wat die bates en laste van die fonds by die aanvang van die likwidasie, die wyse waarop die bates tot geld gemaak en die laste (met inbegrip van enige laste en voorwaardelike laste teenoor of ten opsigte van lede) vereffen is, aantoon.

(13) Die bepalings van artikels *honderd vyf-en-sewentig* tot en met *honderd agt-en-sewentig*, *honderd-en-tagtig* tot en met *honderd twee-en-tagtig*, *honderd vier-en-tagtig* tot en met *honderd ses-en-tagtig*, *honderd agt-en-tagtig*, *honderd-en-negentig* en *honderd een-en-negentig* van die Maatskappywet, 1926, is *mutatis mutandis* van toepassing op die ontbinding van 'n fonds ooreenkomstig hierdie artikel, vir sover bedoelde artikels betrekking het op 'n vrywillige likwidasie ooreenkomstig genoemde Wet en vir sover bedoelde bepalings toepaslik is en nie met die bepalings van hierdie Wet onbestaanbaar is nie.

(14) Alle vorderings teen die fonds moet tot bevrediging van die likwidateur bewys word, onderworpe aan 'n reg van appèl na die hof, en die likwidateur kan verlang dat 'n vordering beëdig word.

(15) Indien die registrateur oortuig is dat bedoelde rekening en balansstaat korrek is en dat die likwidasie voltooi is, moet hy die registrasie van die fonds kanselleer, en daarop word die fonds geag ontbind te wees.

signed and certified by him as correct, showing the assets and liabilities of the fund at the commencement of the liquidation and the manner in which it is proposed to realize the assets and to discharge the liabilities, including any liabilities and contingent liabilities to or in respect of members.

(5) The registrar may, in his discretion, direct the liquidator to furnish a report, drawn up by an independent valuator or other competent person nominated by the registrar, upon the preliminary account and preliminary balance sheet.

(6) The preliminary account, preliminary balance sheet and report (if any) referred to in sub-section (5) shall lie open at the office of the registrar, and at the registered office of such fund, and where the registered office of the fund is in any district other than the district wherein the office of the registrar is situate, at the office of the magistrate of the district in which the registered office of the fund is situate, for inspection by interested persons for a period of thirty days.

(7) The registrar shall, at the cost of such fund, cause to be published in the *Gazette* and in one English and one Afrikaans newspaper circulating in the district in which the registered office of such fund is situate, a notice stating the period during which and the places at which the preliminary account, preliminary balance sheet and report (if any) shall lie open for inspection as aforesaid, and such notice shall call upon all interested persons who have any objection to the said preliminary account, preliminary balance sheet and report (if any) to lodge their objections in writing with the registrar within a period stated in the notice, not being less than fourteen days as from the last day on which the aforesaid documents lie open for inspection.

(8) If no objections are lodged with the registrar in terms of sub-section (7), he shall direct the liquidator to complete the liquidation.

(9) If objections are lodged with the registrar in terms of sub-section (7), the registrar may, after considering the said objections, direct the liquidator to amend the preliminary account and preliminary balance sheet, or give such other directions relating to the liquidation as he thinks fit, provided such directions are not inconsistent with the rules of the fund, and any such direction shall be binding upon the liquidator.

(10) The liquidator shall, within fourteen days of the receipt by him of any direction of the registrar in terms of sub-section (9), post a copy thereof to every member, shareholder and creditor of the fund, and the liquidator or any person aggrieved by any such direction of the registrar may apply by motion to the court within twenty-eight days after such direction has been communicated to the liquidator, for an order to set aside the registrar's decision, and the court may confirm the said decision or make such order as it thinks fit.

(11) If the registrar is satisfied that his directions, in so far as they have not been varied or set aside by the court, have been given effect to, he shall direct the liquidator to complete the liquidation.

(12) The liquidator shall, within thirty days after the completion of the liquidation, lodge with the registrar a final account and a final balance sheet, signed and certified by him as correct showing the assets and liabilities of the fund at the commencement of the liquidation and the manner in which the assets have been realized and the liabilities (including any liabilities and contingent liabilities to or in respect of members) have been discharged.

(13) The provisions of sections *one hundred and seventy-five* to *one hundred and seventy-eight*, inclusive, *one hundred and eighty* to *one hundred and eighty-two*, inclusive, *one hundred and eighty-four* to *one hundred and eighty-six*, inclusive, *one hundred and eighty-eight*, *one hundred and ninety* and *one hundred and ninety-one* of the Companies Act, 1926, shall apply *mutatis mutandis* to the dissolution of a fund in terms of this section, in so far as the said sections relate to a voluntary winding-up in terms of the said Act, and in so far as the said provisions are applicable and not inconsistent with any provision of this Act.

(14) All claims against the fund shall be proved to the satisfaction of the liquidator, subject to a right of appeal to the court, and the liquidator may require any claim to be made on affidavit.

(15) If the registrar is satisfied that the said account and balance sheet are correct and that the liquidation has been completed, he shall cancel the registration of the fund and thereupon the fund shall be deemed to be dissolved.

**Likwidasie deur die hof.**

29. (1) Indien die registrateur van oordeel is dat 'n fonds in so 'n ongesonde finansiële toestand is dat 'n skema soos deur artikel *agtien* beoog ondoeltreffend, onuitvoerbaar of onbevredigend sou wees, kan hy by die hof aansoek doen om 'n bevel dat die besigheid of 'n gedeelte van die besigheid van die fonds gelikwideer word.

(2) 'n Skuldeiser van 'n geregistreerde fonds wat, nadat hy van sy gewone regsmiddels gebruik gemaak het, nie daarin geslaag het om betaling van sy vordering te verkry nie, kan by die hof aansoek doen om 'n bevel dat die besigheid of 'n gedeelte van die besigheid van die fonds gelikwideer word: Met dien verstande dat 'n skuldeiser nie aansoek mag doen nie behalwe met toestemming van die hof, en die hof nie sodanige toestemming verleen nie tensy die skuldeiser sekuriteit verskaf het tot 'n deur die hof vasgestelde bedrag vir betaling van die koste van die aansoek en van enige opposisie daarteen, en *prima facie* die wenslikheid van die bevel waarom hy aansoek wil doen, bewys het.

(3) Die hof kan 'n bevel uitreik soos ingevolge sub-artikel (1) of sub-artikel (2) aangevra, onderworpe aan die bepalings in die volgende sub-artikels vervat.

(4) Die bepalings van artikels *honderd-en-sewe* tot en met *honderd nege-en-vyftig bis* en *honderd sewe-en-sewentig* tot en met *honderd vier-en-negentig* van die Maatskappywet, 1926, is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n likwidasie kragtens hierdie artikel, vir sover bedoelde bepalings betrekking het op 'n likwidasie deur die hof ooreenkomstig genoemde Wet, en vir sover bedoelde bepalings toepaslik is en nie met die bepalings van hierdie Wet of van enige voorskrifte kragtens hierdie artikel deur die hof uitgereik, onbestaanbaar is nie.

(5) Die hof kan beveel dat voormelde bepalings van die Maatskappywet, 1926, vir die doeleindes van die likwidasie in 'n bepaalde geval na vereiste gewysig kan word indien die hof oortuig is dat met die oog op die omstandighede van die betrokke fonds, dit onprakties of onnodig beswarend sou wees om in elke besonderheid aan bedoelde bepalings te voldoen, en dat ondanks sodanige wysiging die belange van die skuldeisers van die fonds voldoende beskerm sal word.

(6) By die likwidasie van die hele besigheid of 'n gedeelte van die besigheid van 'n fonds, word die waarde van die belange van die lede of van die verskillende groepe lede van die fonds, en die waarde van enige voordele deur die fonds aan iemand anders as 'n lid verskuldig, op die deur die hof bepaalde wyse vasgestel.

(7) Sonder afbreuk te doen aan die bevoegdhede van die Meester wat ten opsigte van 'n likwidasie jurisdiksie het, moet die likwidateur wat ooreenkomstig sub-artikel (4) aangestel word, aan die registrateur sodanige inligting as wat hy van tyd tot tyd mag verlang, verstrek, en moet hy wanneer hy voornemens is om by die hof om instruksies aansoek te doen, dienooreenkomstig verslag doen aan die registrateur wat geregtig is om by so 'n aansoek persoonlik of by monde van 'n verteenwoordiger aangehoor te word, en self 'n aansoek by die hof aangaande die likwidasie kan doen.

(8) Indien, waar die hof beveel het dat die hele besigheid van die fonds gelikwideer moet word, die registrateur oortuig is dat die likwidasie van sodanige fonds voltooi is, moet hy die registrasie van die fonds kanselleer, en daarop word die fonds geag ontbind te wees.

**Buitengewone bepalings aangaande likwidasie van fondse.**

30. (1) By die toepassing van die bepalings van die Maatskappywet, 1926, ooreenkomstig artikel *agt-en-twintig* of *nege-en-twintig*—

(*a*) word die lede van 'n fonds as uitgestelde skuldeisers behandel, en word hul vorderings teen die fonds in hul hoedanigheid van lede nie vereffen nie totdat die skulde van gewone skuldeisers betaal is;

(*b*) word 'n verwysing na die Gekonsolideerde Inkomstefonds, met betrekking tot 'n fonds wat in die Gebied besigheid dryf, geag 'n verwysing na die Inkomstefonds van die Gebied te wees.

(2) Indien 'n fonds 'n aandelekapitaal het, is die aanspreeklikheid van 'n aandeelhouer in die geval van likwidasie kragtens voormelde artikels òf beperk tot die onbetaalde bedrag (as daar is) op enige aandeel deur hom besit, òf onbeperk, na gelang die statute van die fonds bepaal.

**Winding-up by the court.**

**29.** (1) If the registrar is of the opinion that a fund is in such an unsound financial condition that any scheme a contemplated by section *eighteen* would be ineffective, impracticable or unsatisfactory, he may apply to the court for an order that the whole or any part of the business of the fund be wound up.

(2) Any creditor of a registered fund who is unable to obtain payment of his claim after recourse to the ordinary process of law may apply to the court for an order that the whole or any part of the business of the fund be wound up: Provided that a creditor shall not make application except by leave of the court, and the court shall not grant such leave unless the creditor has given security to an amount specified by the court for the payment of the costs of the application and of any opposition thereto, and has established *prima facie* the desirability of the order for which he wishes to apply.

(3) The court may make an order as prayed in terms of sub-section (1) or sub-section (2), subject to the provisions contained in the following sub-sections.

(4) The provisions of sections *one hundred and seven* to *one hundred and fifty-nine bis*, inclusive, and *one hundred and seventy-seven* to *one hundred and ninety-four*, inclusive, of the Companies Act, 1926, shall apply *mutatis mutandis* to a winding-up under this section, in so far as the said provisions refer to a winding-up by the court in terms of the said Act, and in so far as the said provisions are applicable and not inconsistent with any provision of this Act or with any directions issued by the court under this section.

(5) The court may direct that the aforementioned provisions of the Companies Act, 1926, may, for the purposes of the winding-up be suitably modified in any particular case if the court is satisfied that having regard to the circumstances of the fund concerned it would be impracticable or unnecessarily onerous to comply with the said provisions in every particular and that in spite of such modification the interests of the creditors of the fund will be sufficiently safeguarded.

(6) In the winding-up of the whole or any part of the business of a fund, the value of the interests of the members or of the various groups of members of the fund, and the value of any benefits due by the fund to persons other than members, shall be ascertained in such manner as the court may direct.

(7) Without prejudice to the powers of the Master who has jurisdiction in respect of any winding-up, the liquidator appointed in terms of sub-section (4) shall give the registrar such information as the latter may require from time to time and shall, whenever he intends to apply to the court for instructions, report accordingly to the registrar who shall be entitled to be heard personally or by a representative at any such application, and may himself make an application to the court with reference to the winding-up.

(8) If, where the court has ordered that the whole business of the fund be wound up, the registrar is satisfied that the winding-up of such a fund has been completed, he shall cancel the registration of the fund and thereupon the fund shall be deemed to be dissolved.

**Special provisions relating to liquidation of funds.**

**30.** (1) In applying the provisions of the Companies Act, 1926, in terms of section *twenty-eight* or *twenty-nine*—

(*a*) the members of a fund shall be treated as deferred creditors, and their claims against the fund in their capacity as members shall not be settled until the debts of ordinary creditors have been paid;

(*b*) any reference to the Consolidated Revenue Fund shall, in relation to a fund carrying on business in the Territory, be deemed to be a reference to the Territory Revenue Fund.

(2) If a fund has a share capital, the liability of a shareholder in the case of liquidation under the aforementioned sections shall either be limited to the amount (if any) unpaid on any share held by him, or shall be unlimited, according as is provided by the rules of the fund.

## HOOFSTUK VI.

### Algemeen en Diverse.

Dryf van besigheid deur ongeregistreerde pensioenfonds-organisasie en gebruik van benaming „pensioenfonds".

31. Niemand mag—

(*a*) die besigheid van 'n pensioenfonds wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan, vir 'n langer tydperk as ses maande na bedoelde inwerkingtreding dryf nie, tensy behoorlik ooreenkomstig artikel *vier* om die registrasie van daardie fonds aansoek gedoen is; of

(*b*) die besigheid van 'n pensioenfonds wat na bedoelde inwerkingtreding opgerig is, dryf nie, tensy daardie fonds behoorlik geregistreer is ooreenkomstig artikel *vier*; of

(*c*) die besigheid van 'n pensioenfonds dryf nie vir 'n langer tydperk as twaalf maande na die datum waarop die persoon wat om registrasie van die fonds aansoek gedoen het deur die registrateur in kennis gestel is dat die aansoek van die hand gewys is; of

(*d*) behalwe met toestemming van die registrateur na verloop van 'n tydperk van twaalf maande vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet, op sy besigheid 'n naam wat die woord „pensioenfonds" insluit, of 'n ander naam wat bereken is om aan te dui dat hy die besigheid van 'n pensioenfonds dryf, toepas nie, tensy daardie besigheid kragtens hierdie Wet as 'n pensioenfonds geregistreer is.

Registrateur kan inligting van ongeregistreerde fondse eis.

32. (1) Die registrateur kan by skriftelike kennisgewing 'n persoon wat, na hy rede het om te vermoed, die besigheid dryf van 'n pensioenfonds wat nie ingevolge hierdie Wet geregistreer is nie, gelas om binne 'n in die kennisgewing vermelde tydperk aan hom 'n afskrif te stuur van die statute, as daar is, waarvolgens bedoelde persoon optree, tesame met 'n afskrif van die jongste jaarlikse rekenings deur bedoelde persoon aangeteken en die verdere inligting wat die registrateur mag verlang.

(2) Indien so 'n persoon versuim om tot bevrediging van die registrateur aan sy vereistes te voldoen, kan die registrateur met toestemming van die Minister die sake of enige deel van die sake van bedoelde persoon ondersoek, of 'n inspekteur aanstel om so 'n ondersoek te doen en die uitslag van sy ondersoek aan die registrateur te rapporteer, en die bepalings van sub-artikels (3) tot en met (5) van artikel *vyf-en-twintig* is *mutatis mutandis* op so 'n ondersoek van toepassing en die registrateur is geregtig om alle onkoste noodsaaklikerwys in verband met die ondersoek aangegaan, op die betrokke persoon te verhaal, tensy so 'n ondersoek aantoon dat bedoelde persoon nie die besigheid van 'n pensioenfonds dryf nie.

(3) Indien uit navrae ooreenkomstig sub-artikel (1) deur die registrateur gedoen, of uit 'n ondersoek ooreenkomstig sub-artikel (2) gedoen, blyk dat die betrokke persoon die besigheid van 'n pensioenfonds dryf, moet die registrateur die betrokke fonds voorlopig registreer waarna die bepalings van hierdie Wet op genoemde fonds van toepassing sal wees.

Registrateur kan sekere tydperke verleng.

33. (1) Wanneer iemand ooreenkomstig 'n bepaling van hierdie Wet verplig is om een of ander handeling binne 'n vermelde tydperk te verrig, kan die registrateur op versoek van so iemand sodanige tydperk in 'n besondere geval van tyd tot tyd verleng.

(2) Die registrateur kan in spesiale omstandighede so 'n vermelde tydperk verleng nadat dit verstryk het.

Jaarlikse verslag deur registrateur.

34. Die registrateur lê jaarliks aan die Minister 'n verslag voor aangaande sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet en bedoelde verslag word deur die Minister in albei Huise van die Parlement ter Tafel gelê binne veertien dae na ontvangs daarvan, indien die Parlement dan in gewone sitting is of, indien die Parlement nie dan in gewone sitting is nie, binne veertien dae van die aanvang van sy eersvolgende gewone sitting.

Reg om sekere dokumente in te sien of afskrifte daarvan te verkry.

35. (1) Elke geregistreerde fonds moet aan 'n lid, op aanvraag deur so 'n lid en na betaling van 'n bedrag wat die statute van die fonds mag bepaal, 'n afskrif van enige van die volgende dokumente oorhandig, te wete—

(*a*) die statute van die fonds;

(*b*) die jongste inkomsterekening en die jongste balansstaat ooreenkomstig sub-artikel (1) van artikel *vyftien* opgestel.

## CHAPTER VI.

### General and Miscellaneous.

**31.** No person shall— **Carrying on business of unregistered pension fund organization and use of designation "pension fund".**

(*a*) carry on the business of a pension fund which is in existence at the commencement of this Act, for a period of more than six months after such commencement unless application has been duly made under section *four* for the registration of that fund; or

(*b*) carry on the business of a pension fund established after such commencement, unless that fund has been duly registered under section *four*; or

(*c*) carry on the business of a pension fund for a period of more than twelve months after the date on which the person who applied for registration of the fund is advised by the registrar that the application for registration has been refused; or

(*d*) after the expiration of a period of twelve months from the commencement of this Act, apply to his business a name which includes the words "pension fund" or any other name which is calculated to indicate that he carries on the business of a pension fund, unless such business is registered as a pension fund under this Act, except with the consent of the registrar.

**32.** (1) The registrar may by notice in writing require any person whom he has reason to suspect is carrying on the business of a pension fund which is not registered under this Act, to transmit to him, within a period stated in such notice, a copy of the rules, if any, under which such person is operating, together with a copy of the last annual accounts recorded by such person, and such further information as the registrar may require. **Registrar may require unregistered funds to furnish information.**

(2) If such person fails to comply with the requirements of the registrar to his satisfaction, the registrar may, with the consent of the Minister, investigate the affairs or any part of the affairs of the said person, or appoint an inspector to hold such an investigation and to report the result of his investigation to the registrar, and the provisions of sub-sections (3) to (5), inclusive, of section *twenty-five* shall *mutatis mutandis* apply to every such investigation, and the registrar shall be entitled to recover from the person concerned all expenses necessarily incurred in connection with the investigation, unless such investigation shows that such person is not carrying on the business of a pension fund.

(3) If it appears from enquiries made by the registrar in terms of sub-section (1) or of any investigation made in terms of sub-section (2), that the person concerned is carrying on the business of a pension fund, the registrar shall register the fund provisionally whereafter the provisions of this Act shall apply to the said fund.

**33.** (1) When any person is obliged in terms of any provision of this Act to perform any act within a specified period, the registrar may, at the request of such person, in any particular case extend that period from time to time. **Registrar may extend certain periods.**

(2) The registrar may in special circumstances extend any such specified period after it has expired.

**34.** The registrar shall annually submit to the Minister a report on his activities under this Act and such report shall be laid by the Minister on the Tables of both Houses of Parliament within fourteen days after receipt thereof if Parliament is then in ordinary session, or, if Parliament is not then in ordinary session, within fourteen days after the commencement of its next ensuing ordinary session. **Annual report by registrar.**

**35.** (1) Every registered fund shall deliver to any member on demand by such member, and on payment of such sum as may be determined by the rules of the fund, a copy of any of the following documents, that is to say— **Right to obtain copies of or to inspect certain documents.**

(*a*) the rules of the fund;

(*b*) the last revenue account and the last balance sheet prepared in terms of sub-section (1) of section *fifteen*.

(2) 'n Lid is geregtig om sonder betaling by die geregistreerde kantoor van 'n geregistreerde fonds 'n afskrif van enige van die volgende dokumente in te sien en uittreksels daaruit te maak, te wete—

(*a*) die in sub-artikel (1) bedoelde dokumente;

(*b*) die jongste verslag (as daar een is) deur 'n waardeerder ooreenkomstig artikel *sestien* opgestel;

(*c*) die jongste opgawe (as daar een is) en verslag daaroor kragtens artikel *sewentien* opgestel;

(*d*) enige skema wat ooreenkomstig die bepalings van artikel *agtien* deur die fonds uitgevoer word.

**Regulasies.**

36. Die Goewerneur-generaal kan regulasies uitvaardig wat nie met die bepalings van hierdie Wet onbestaanbaar is nie—

(*a*) in verband met alle sake wat ingevolge hierdie Wet by regulasie voorgeskryf moet of kan word;

(*b*) wat die vorm voorskryf van 'n in hierdie Wet bedoelde dokument waarvoor daar nie andersins in hierdie Wet voorsiening gemaak word nie of wat wysigings of aanvullings van so 'n vorm voorskryf;

(*c*) in die algemeen in verband met alle aangeleenthede wat hy nodig of raadsaam ag om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

**Strawwe.**

37. (1) Iemand wat—

(*a*) die bepalings van artikel *nege* of *vyf-en-dertig* oortree of versuim om daaraan te voldoen; of

(*b*) versuim om 'n opgawe te verstrek of 'n skema, verslag, rekening, staat of ander dokument te verstrek of in te dien wanneer dit ooreenkomstig hierdie Wet vereis word; of

(*c*) die bepalings van artikel *negentien* of enige voorwaarde waarop hy van daardie bepalings vrygestel is, oortree; of

(*d*) versuim of weier om inligting te verstrek of dokumente of rekenings oor te lê of ander hulp te verleen aan die registrateur wanneer hy ooreenkomstig hierdie Wet versoek word aldus te doen; of

(*e*) na die verstryking van 'n tydperk van ses maande vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet iemand beweeg of probeer beweeg om 'n lid te word van of 'n bydrae te doen tot 'n fonds wat nie kragtens hierdie Wet geregistreer is nie; of

(*f*) die bepalings van artikel *tien* of *een-en-dertig* oortree,

is aan 'n misdryf skuldig, en by veroordeling strafbaar—

(i) in die geval van 'n in paragraaf (*a*) bedoelde misdryf, met 'n boete van hoogstens tien pond;

(ii) in die geval van 'n in paragraaf (*b*) of (*c*) bedoelde misdryf, met 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond;

(iii) in die geval van 'n in paragraaf (*d*) of (*e*) bedoelde misdryf, met 'n boete van hoogstens vyftig pond; en

(iv) in die geval van 'n in paragraaf (*f*) bedoelde misdryf, met 'n boete van hoogstens honderd pond, of indien die oortreder 'n indiwidu is, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande, of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

(2) Sonder dat daardeur aan die bepalings van sub-artikel (1) afgedoen word, kan 'n persoon wat versuim het om 'n opgawe te verstrek of 'n skema, verslag, rekening, staat of ander dokument te verstrek of in te dien binne die tydperk voorgeskryf in die betrokke bepaling van die Wet, daarna sodanige opgawe verstrek of sodanige skema, verslag, rekening, staat of ander dokument verstrek of indien, onderworpe aan die betaling van 'n boete wat by regulasie voorgeskryf is.

(3) Enige boete wat by sub-artikel (2) voorgeskryf word, mag wissel na gelang van die tydperk wat verstryk het sedert die laaste dag waarop die betrokke opgawe, skema, verslag, rekening, staat of ander dokument verstrek of ingedien moes geword het.

(4) By die toepassing van sub-artikel (2) is die beslissing van die registrateur afdoende aangaande die tydperk waarbinne 'n in daardie sub-artikel gemelde opgawe, skema, verslag, rekening, staat of ander dokument verstrek of ingedien moes geword het.

(5) Enige boete wat volgens sub-artikel (2) betaalbaar is, is 'n skuld aan die Unie-regering verskuldig en kan deur die registrateur deur aksie in 'n bevoegde hof verhaal word.

**Vrystelling van Wet 34 van 1934.**

38. Die Trustgelde Beskermings Wet, 1934 (Wet No. 34 van 1934), is nie op 'n kragtens hierdie Wet geregistreerde fonds van toepassing nie.

(2) Any member shall be entitled to inspect without charge at the registered office of a registered fund, a copy of any of the following documents and make extracts therefrom, that is to say—

(*a*) the documents referred to in sub-section (1);

(*b*) the last report (if any) by a valuator prepared in terms of section *sixteen*;

(*c*) the last statement (if any) and report thereon prepared in terms of section *seventeen*;

(*d*) any scheme which is being carried out by the fund in accordance with the provisions of section *eighteen*.

**Regulations.**

36. The Governor-General may make regulations, not inconsistent with the provisions of this Act—

(*a*) in regard to all matters which by this Act are required or permitted to be prescribed by regulation;

(*b*) prescribing the form of any document referred to in this Act for which provision is not otherwise made in this Act, or prescribing alterations or additions to any such form;

(*c*) generally, as to all matters which he considers it necessary or expedient to prescribe in order that the purposes of this Act may be achieved.

**Penalties.**

37. (1) Any person who—

(*a*) contravenes or fails to comply with the provisions of section *nine* or *thirty-five;* or

(*b*) fails to make a return or transmit or deposit a scheme, report, account, statement or other document when required to do so in terms of this Act; or

(*c*) contravenes the provisions of section *nineteen* or any condition on which he has been exempted from those provisions; or

(*d*) fails or refuses to furnish information, or produce documents or accounts, or render other assistance to the registrar when called upon to do so in terms of this Act; or

(*e*) after the expiration of a period of six months from the commencement of this Act, induces or attempts to induce any person to become a member of, or to contribute to a fund not registered under this Act; or

(*f*) contravenes the provisions of section *ten* or *thirty-one*,

shall be guilty of an offence, and liable on conviction—

(i) in the case of an offence referred to in paragraph (*a*) to a fine not exceeding ten pounds;

(ii) in the case of an offence referred to in paragraph (*b*) or (*c*) to a fine not exceeding twenty-five pounds;

(iii) in the case of an offence referred to in paragraph (*d*) or (*e*) to a fine not exceeding fifty pounds; and

(iv) in the case of an offence referred to in paragraph (*f*) to a fine not exceeding one hundred pounds, or, if the offender is an individual, to imprisonment for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and such imprisonment.

(2) Without derogation from the provisions of sub-section (1), a person who has failed to make a return or to transmit or deposit a scheme, report, account, statement or other document within the time prescribed in the appropriate provision of the Act, may thereafter furnish such return, or transmit or deposit such scheme, report, account, statement or other document subject to the payment of a penalty prescribed by regulation.

(3) Any penalty prescribed under sub-section (2) may vary according to the period which has elapsed since the last day on which the return, scheme, report, account, statement or other document in question was required to be made, transmitted or deposited.

(4) For the purpose of sub-section (2) the decision of the registrar as to the time within which a return, scheme, report, account, statement or other document referred to in that sub-section was required to be furnished, transmitted or deposited, shall be final.

(5) Any penalty payable under sub-section (2) shall be a debt due to the Union Government and may be recovered by the registrar by action in any competent court.

**Exemption from Act 34 of 1934.**

38. The Trust Moneys Protection Act, 1934 (Act No. 34 of 1934), shall apply fund registered under this Act.

Wysiging van Wet 27 van 1943.

39. Artikel *een* van die Versekeringswet, 1943 (Wet No. 27 van 1943), word hiermee gewysig deur paragrawe (*f*) en (*f*)*bis* van die voorbehoudsbepaling by die omskrywing van „versekeringsbesigheid" deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*f*) die bedrywighede van 'n pensioenfonds soos in die Wet op Pensioenfondse, 1956, omskryf;".

Toepassing op Suidwes-Afrika.

40. Hierdie Wet is ook van toepassing op die Gebied.

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

41. Hierdie Wet heet die Wet op Pensioenfondse, 1956, en tree in werking op 'n datum wat deur die Goewerneur-generaal by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal word.

39. Section *one* of the Insurance Act, 1943 (Act No. 27 of 1943), is hereby amended by the substitution for paragraphs (*f*) and (*f*) *bis* of the proviso to the definition of "insurance business" of the following paragraph:

"(*f*) the activities of a pension fund as defined in the Pension Funds Act, 1956;". Amendment of Act 27 of 1943.

**40. This Act shall apply also in the Territory.** Application to South-West Africa.

41. This Act shall be called the Pension Funds Act, 1956, and shall come into operation on a date to be fixed by the Governor-General by proclamation in the *Gazette*. Short title and date of commencement.

No. 25, 1956.]

# WET

**Om voorsiening te maak vir die registrasie, inlywing, reëling en ontbinding van onderlinge hulpverenigings en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

(*Afrikaanse teks deur die Goewerneur-generaal geteken*).
(*Goedgekeur op* 28 *April* 1956.)

DIT WORD BEPAAL deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

## HOOFSTUK I.

### UITVOERING EN TOEPASSING VAN WET EN WOORDOMSKRYWING.

Woordomskrywing.

**1.** (1) Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

(i) „aktuaris" 'n „fellow" van 'n deur die Minister goedgekeurde instituut, fakulteit, vereniging of kapittel van aktuarisse; (i)

(ii) „bates", met betrekking tot 'n onderlinge hulpvereniging, die bates van daardie vereniging soos dit in 'n opgawe van sy bates, opgestel ooreenkomstig die vereistes uiteengesit in artikel *vyf-en-twintig* aangegee sou word; (ii)

(iii) „beampte", met betrekking tot 'n vereniging, 'n lid van 'n komitee wat aangestel is om die sake van die vereniging te bestuur, of 'n aldus aangestelde indiwidu, of 'n bestuurder, hoofbeampte, tesourier, klerk of ander agent of werknemer van die vereniging, maar nie ook 'n ouditeur wat kragtens artikel *elf* aangestel is nie; (xii)

(iv) „boekjaar", met betrekking tot 'n vereniging, elke tydperk van twaalf maande wat op die een-en-dertigste dag van Desember eindig aan die einde waarvan die balans van sy rekenings volgens sy statute opgemaak moet word, of so 'n ander tydperk as wat die registrateur by 'n besondere geleentheid op versoek van die vereniging mag bepaal; (iv)

(v) „Gebied" die Gebied Suidwes-Afrika; (xxii)

(vi) „geregistreer", met betrekking tot 'n vereniging, geregistreer of voorlopig geregistreer kragtens artikel *vyf*, en het „registrasie" 'n ooreenstemmende betekenis; (xvi)

(vii) „geregistreerde kantoor" die in artikel *nege* bedoelde geregistreerde kantoor; (xvii)

(viii) „hof" 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika en ook die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika; (iii)

(ix) „hoofbeampte" die in artikel *tien* bedoelde beampte; (xv)

(x) „laste", met betrekking tot 'n onderlinge hulpvereniging, die laste van daardie vereniging soos dit in 'n opgawe van sy laste opgestel ooreenkomstig die vereistes uiteengesit in artikel *vier-en-twintig*, aangegee sou word; (viii)

(xi) „lid", met betrekking tot 'n onderlinge hulpvereniging, iemand wat tot die vereniging bydra ten einde 'n in artikel *twee* bedoelde voordeel te verkry, hetsy vir homself of vir 'n ander in daardie artikel genoemde persoon, en ook 'n vereniging wat tot 'n in artikel *nege-en-dertig* bedoelde sentrale vereniging bydra; (x)

(xii) „markwaarde", met betrekking tot 'n bate van 'n vereniging, die markwaarde in die Unie, of indien sodanige waarde nie vasgestel kan word nie, die prys wat by 'n verkoping in die Unie tussen 'n gewillige verkoper en 'n gewillige koper betaal sou word, soos deur die vereniging beraam en deur die registrateur goedgekeur, of waar die registrateur 'n beraming deur 'n vereniging gemaak, nie goedkeur nie, die waarde soos deur die registrateur beraam; (ix)

(xiii) „Minister" die Minister van Finansies; (xi)

(xiv) „onderlinge hulpvereniging"—

(*a*) 'n vereniging van persone ingestel vir enige van die oogmerke in artikel *twee* vermeld; of

No. 25, 1956.]

# ACT

**To provide for the registration, incorporation, regulation and dissolution of friendly societies and for matters incidental thereto.**

*(Afrikaans text signed by the Governor-General.)*
*(Assented to 28th April,* 1956.)

BE IT ENACTED by the Queen's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

## CHAPTER I.

### ADMINISTRATION AND APPLICATION OF ACT AND INTERPRETATION OF TERMS.

**1.** (1) In this Act, unless the context indicates otherwise— Definitions.

(i) "actuary" means any Fellow of an institute, faculty, society or chapter of actuaries approved by the Minister; (i)

(ii) "assets", in relation to a friendly society, means the assets of that society as they would be reflected in any statement of its assets prepared in accordance with the requirements set out in section *twenty-five*; (ii)

(iii) "court" means a provincial or local division of the Supreme Court of South Africa, and includes the High Court of South-West Africa; (viii)

(iv) "financial year", in relation to a society, means each period of twelve months ending on the thirty-first day of December, at the end of which the balance of its accounts is required to be struck in terms of its rules, or such other period as may on any particular occasion be determined by the registrar at the request of the society; (iv)

(v) "friendly society" means—

(*a*) any association of persons established for any of the objects specified in section *two*; or

(*b*) any business carried on under a scheme or arrangement instituted for any of those objects,

and includes any central society referred to in section *thirty-nine*, whether or not it is liable to provide any benefits mentioned in section *two*, and any central society, association or business as aforesaid which is or may become liable for any such benefits, whether or not it continues to admit or to collect contributions from members; (xiv)

(vi) "*Gazette*" in relation to a society carrying on business in the Territory, means the *Official Gazette* of the Territory; (xviii)

(vii) "Insurance Act" means the Insurance Act, 1943 (Act No. 27 of 1943); (xxii)

(viii) "liabilities", in relation to a friendly society, means the liabilities of that society as they would be reflected in any statement of its liabilities prepared in accordance with the requirements set out in section *twenty-four*; (x)

(ix) "market value", in relation to any asset of a society, means the market value in the Union or if such value cannot be ascertained, the price which would be obtained on a sale in the Union between a willing seller and a willing purchaser as estimated by the society and approved by the registrar, or, where the registrar does not approve of any estimate made by a society, the value estimated by the registrar; (xii)

(x) "member", in relation to a friendly society, means any person who contributes to the society in order to obtain any benefit referred to in section *two*, either for himself or for any other person mentioned in that section, and includes any association which contributes to a central society referred to in section *thirty-nine*; (xi)

(xi) "Minister" means the Minister of Finance; (xiii)

(*b*) 'n besigheid wat onder 'n skema of reëling vir enige van daardie oogmerke ingestel, gedryf word,

en ook 'n in artikel *nege-en-dertig* bedoelde sentrale vereniging, hetsy hy aanspreeklik is om enige in artikel *twee* vermelde voordele te voorsien, al dan nie, en 'n sentrale vereniging, vereniging of besigheid soos voormeld wat vir bedoelde voordele aanspreeklik is of mag word, hetsy hy voortgaan om lede in te neem of bydraes van hulle in te vorder, al dan nie; (v)

(xv) „persoon" ook 'n komitee wat aangestel is om die sake van 'n vereniging te bestuur; (xiii)

(xvi) „registrateur" die Registrateur of die Assistent-registrateur van Onderlinge Hulpverenigings kragtens artikel *vier* aangestel; (xviii)

(xvii) „regulasie" 'n regulasie wat kragtens hierdie Wet uitgevaardig en van krag is; (xix)

(xviii) „*Staatskoerant*", met betrekking tot 'n vereniging wat in die Gebied besigheid dryf, die *Offisiële Koerant* van die Gebied; (vi)

(xix) „statute" die statute van 'n vereniging, en ook—

(*a*) die wet, oktrooi, akte van ooreenkoms, akte van oprigting of ander dokument waardeur die vereniging ingestel is;

(*b*) die statute of ander reëls in verband met die bestuur van die besigheid van die vereniging; en

(*c*) die bepalings betreffende die voordele wat verleen kan word deur, en die bydraes wat betaalbaar mag word aan die vereniging; (xx)

(xx) „Unie" ook die Gebied; (xxiii)

(xxi) „vereniging" 'n onderlinge hulpvereniging; (xxi)

(xxii) „Versekeringswet" die Versekeringswet, 1943 (Wet No. 27 van 1943); (vii)

(xxiii) „voorgeskryf" deur of kragtens hierdie Wet voorgeskryf; (xiv)

(xxiv) „waardeerder" 'n aktuaris of ander persoon wat volgens die registrateur se oordeel voldoende aktuariële kennis besit om die werksaamhede wat ingevolge hierdie Wet van 'n waardeerder vereis word, te verrig. (xxiv)

(2) By die toepassing van die bepalings van hierdie Wet met betrekking tot 'n vereniging wat 'n onderlinge hulpvereniging volgens paragraaf (*b*) van die omskrywing van „onderlinge hulpvereniging" in sub-artikel (1) is, word 'n verwysing in hierdie Wet na 'n onderlinge hulpvereniging as 'n verwysing na daardie vereniging of na die persoon of liggaam in beheer van die sake van daardie vereniging uitgelê, al na die omstandighede vereis.

**Oogmerke waarvoor onderlinge hulpverenigings opgerig kan word.**

2. (1) 'n Onderlinge hulpvereniging kan, behoudens die bepalings van sub-artikel (2), vir een of meer van die volgende oogmerke opgerig word, te wete—

(*a*) die ondersteuning of onderhoud gedurende minderjarigheid, ouderdom, weduweeskap, siekte of ander gebrek, hetsy liggaamlik of geestelik, van lede of hul mans, vrouens, weduwees, wewenaars, kinders of ander verwante of afhanklikes;

(*b*) die toekenning van jaargelde, hetsy onmiddellik of uitgestel, aan lede of genomineerdes van lede of die begiftiging van lede of genomineerdes van lede;

(*c*) die verskaffing of die betaling van bydraes tot die koste van mediese behandeling, verpleging, chirurgiese, optiese of tandheelkundige behandeling of medisyne of ander mediese benodigdhede of chirurgiese, optiese of tandheelkundige gereedskap of akkommodasie in hospitale, verpleeginrigtings, siekehuise of tuistes vir bejaardes, vir lede of ander in paragraaf (*a*) bedoelde persone;

(*d*) die versekering van 'n som geld wat uitbetaal word of ander voordeel wat verleen word—

(i) by die geboorte van 'n kind van 'n lid; of

(ii) by die dood van 'n lid of 'n ander in paragraaf (*a*) bedoelde persoon, of by wyse van 'n uitkeringsversekering op die lewe van 'n lid of so 'n persoon; of

(iii) tot die koste in verband met die dood of begrafnis van 'n lid of so 'n persoon; of

(iv) gedurende 'n tydperk van afgesonderde rou deur 'n lid of so 'n persoon;

(*e*) die versekering teen brand of ander gebeurlikhede van die ambags- of beroepsgereedskap van 'n lid;

(xii) "officer", in relation to a society, means any member of a committee appointed to manage the affairs of the society, or any individual so appointed, or any manager, principal officer, treasurer, clerk or other agent or employee of the society, but does not include an auditor appointed under section *eleven*; (iii)

(xiii) "person" includes any committee appointed to manage the affairs of a society; (xv)

(xiv) "prescribed" means prescribed by or under this Act; (xxiii)

(xv) "principal officer" means the officer referred to in section *ten*; (ix)

(xvi) "registered" in relation to a society, means registered or provisionally registered under section *five*, and "registration" has a corresponding meaning; (vi)

(xvii) "registered office" means the registered office referred to in section *nine*; (vii)

(xviii) "registrar" means the Registrar or Assistant Registrar of Friendly Societies appointed under section *four*; (xvi)

(xix) "regulation" means a regulation made and in force under this Act; (xvii)

(xx) "rules" means the rules of a society, and includes—

(*a*) the act, charter, deed of settlement, memorandum of association, or other document by which the society is constituted;

(*b*) the articles of association or other rules for the conduct of the business of the society; and

(*c*) the provisions relating to the benefits which may be granted by and the contributions which may become payable to the society; (xix)

(xxi) "society" means a friendly society; (xxi)

(xxii) "Territory" means the Territory of South-West Africa; (v)

(xxiii) "Union" includes the Territory; (xx)

(xxiv) "valuator" means an actuary or any other person who, in the opinion of the registrar, has sufficient actuarial knowledge to perform the duties required of a valuator in terms of this Act. (xxiv)

(2) For the purpose of the application of the provisions o this Act in relation to a society which is a friendly society in terms of paragraph (*b*) of the definition of "friendly society" in sub-section (1), any reference in this Act to a friendly society shall be construed as a reference to that society or to the person or body in control of the affairs of that society, as the circumstances may require.

**Objects for which friendly societies may be established.**

**2.** (1) A friendly society may, subject to the provisions of sub-section (2), be established for one or more of the following objects, namely—

(*a*) the relief or maintenance during minority, old age, widowhood, sickness or other infirmity, whether bodily or mental, of members or their husbands, wives, widows, widowers, children or other relatives or dependants;

(*b*) the granting of annuities, whether immediate or deferred, to members or to nominees of members, or the endowment of members or nominees of members;

(*c*) the provision of or the payment of contributions towards the cost of medical, nursing, surgical, optical or dental attendance or medicines or other medical requirements or surgical, optical or dental appliances or accommodation in hospitals, nursing homes, infirmaries or homes for aged persons, for members or other persons mentioned in paragraph (*a*);

(*d*) the insurance of a sum of money to be paid or other benefit to be provided—

(i) on the birth of a member's child; or

(ii) on the death of a member or any other person mentioned in paragraph (*a*) or in the form of an endowment insurance on the life of a member or such a person; or

(iii) towards the expenses in connection with the death or funeral of any member or any such person; or

(iv) during a period of confined mourning by a member or such a person;

(*e*) the insurance against fire or other contingencies of the implements of the trade or calling of any member;

(*f*) die voorsiening van 'n som geld ingeval 'n lid die diens van sy werkgewer weens ontslag, bedanking of andersins verlaat, tensy die hoofoogmerk volgens die registrateur se oordeel is om 'n som geld te voorsien wanneer 'n lid bedoelde diens weens 'n huwelik of voorgenome huwelik verlaat;

(*g*) die ondersteuning of onderhoud van lede, of enige groep lede, wanneer hulle werkloos is of in behoeftige omstandighede verkeer andersins dan as gevolg van die bestaan van 'n staking of uitsluiting soos in artikel *een* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937 (Wet No. 36 van 1937), omskryf;

(*h*) die voorsiening van somme geld vir die bevordering van die opvoeding of opleiding van lede of van die kinders van lede;

(*i*) sodanige ander besigheid as wat die Goewerneur-generaal by proklamasie in die *Staatskoerant* mag verklaar as besigheid ten opsigte waarvan 'n onderlinge hulpvereniging opgerig kan word.

(2) Geen vereniging of besigheid word as 'n onderlinge hulpvereniging beskou nie—

(*a*) indien geen van die persone geregtig op die voordele in sub-artikel (1) vermeld tot bedoelde vereniging of besigheid bydra nie; of

(*b*) indien enige van sy bedrywighede binne die oogmerke van 'n pensioenfondsorganisasie soos uiteengesit in paragraaf (*a*) of (*b*) van die omskrywing van „pensioenfondsorganisasie" in artikel *een* van die Wet op Pensioenfondse, 1956, val; of

(*c*) indien volgens sy statute elke lid te alle tye geregtig is om die volle bedrag van sy bydraes op te eis, onderworpe aan sodanige kennisgewing as wat in sy statute voorgeskryf mag word; of

(*d*) indien die voordele in sub-artikel (1) vermeld uitsluitlik by wyse van lenings wat ingevolge sy statute terugbetaalbaar is, verleen word.

**Toepassing van Wet.**

3. (1) Die bepalings van hierdie Wet is nie van toepassing nie met betrekking tot 'n onderlinge hulpvereniging ingestel ooreenkomstig 'n ooreenkoms gepubliseer of geag gepubliseer te wees kragtens artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937 (Wet No. 36 van 1937), behalwe dat so 'n vereniging van tyd tot tyd die registrateur van sodanige statistiese inligting as wat deur die Minister voorgeskryf mag word, moet voorsien.

(2) Indien die registrateur oortuig is—

(*a*) dat die totale waarde van die inkomste wat waarskynlik deur 'n onderlinge hulpvereniging wat om registrasie ingevolge hierdie Wet aansoek gedoen het, ontvang sal word, in die reël nie gedurende enige jaar 'n bedrag van vyfhonderd pond te bowe sal gaan nie, kan hy by skriftelike kennisgewing aan daardie vereniging gerig, en op die voorwaardes in bedoelde kennisgewing uiteengesit, daardie vereniging van die toepassing van enige van of al die bepalings van hierdie Wet vrystel;

(*b*) dat 'n onderlinge hulpvereniging wat aldus om registrasie aansoek gedoen het, uitsluitlik by wyse van versekeringspolisse uitgereik deur 'n persoon wat wettiglik versekeringsbesigheid binne die bedoeling van die Versekeringswet dryf, sake doen, kan hy by skriftelike kennisgewing aan daardie vereniging gerig, en op die voorwaardes in bedoelde kennisgewing uiteengesit, daardie vereniging van die toepassing van enige van of al die bepalings van hierdie Wet vrystel;

(*c*) dat die sake van 'n onderlinge hulpvereniging wat aldus om registrasie aansoek gedoen het, aan 'n mate van beheer uitgaande van 'n Staatsdepartement, met inbegrip van die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawensadministrasie, 'n provinsiale administrasie en die Administrasie van die Gebied, onderhewig is wat sal verseker dat die vereniging, vir sover dit sy finansiële sterkte en die bestuur van sy besigheid betref, sal voldoen aan standaarde minstens so hoog as die standaarde deur hierdie Wet ten opsigte van ander geregistreerde verenigings as voorlopig geregistreerde verenigings opgelê, moet hy daardie vereniging op sodanige voorwaardes as wat hy mag bepaal skriftelik vrystel van die toepassing van die bepalings van hierdie Wet.

(3) Die registrateur kan te eniger tyd by skriftelike kennisgewing aan die betrokke vereniging gerig, enige vrystelling kragtens paragraaf (*a*), (*b*) of (*c*) van sub-artikel (2) ten opsigte van daardie vereniging verleen, intrek hy nie meer soos in die toepaslike paragraaf nie.

(*f*) the provision of a sum of money on a member's leaving the service of his employer owing to dismissal, resignation or otherwise, unless in the opinion of the registrar the principal object is the provision of a sum of money on a member's leaving such service because of marriage or intended marriage;

(*g*) the relief or maintenance of members, or any group of members, when unemployed or in distressed circumstances otherwise than in consequence of the existence of a strike or lockout as defined in section *one* of the Industrial Conciliation Act, 1937 (Act No. 36 of 1937);

(*h*) the provision of sums of money for the advancement of the education or training of members or of the children of members;

(*i*) such other business as the Governor-General may by proclamation in the *Gazette* declare to be business in respect of which a friendly society may be established.

(2) No association or business shall be regarded as a friendly society—

(*a*) if none of the persons entitled to the benefits specified in sub-section (1) contributes to such association or business; or

(*b*) if any of its activities fall within the objects of a pension fund organization as set out in paragraph (*a*) or (*b*) of the definition of "pension fund organization" in section *one* of the Pension Funds Act, 1956; or

(*c*) if in terms of its rules each member is entitled at all times to withdraw the full amount of his contributions, subject to such notice as may be prescribed in its rules; or

(*d*) if the benefits mentioned in sub-section (1) are provided exclusively by way of loans which in terms of its rules must be repaid.

Application of Act.

3. (1) The provisions of this Act shall not apply in relation to any friendly society which has been established in terms of an agreement published or deemed to have been published under section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937 (Act No. 36 of 1937), except that such society shall from time to time furnish the registrar with such statistical information as may be prescribed by the Minister.

(2) If the registrar is satisfied—

(*a*) that the aggregate value of the income likely to be received by a friendly society which has applied for registration under this Act, will not in general exceed during any year an amount of five hundred pounds, he may by notice in writing addressed to that society, and on such conditions as may be specified in that notice, exempt that society from the operation of all or any of the provisions of this Act;

(*b*) that a friendly society which has so applied for registration operates exclusively by means of policies of insurance, issued by a person lawfully carrying on insurance business within the meaning of the Insurance Act, he may by notice in writing addressed to that society, and on such conditions as may be specified in that notice, exempt that society from the operation of all or any of the provisions of this Act;

(*c*) that the affairs of any friendly society which has so applied for registration, are subject to such a measure of control issuing from any department of the State, including the South African Railways and Harbours Administration, any provincial administration and the Administration of the Territory, as to ensure that the society will as regards its financial strength and the conduct of its business conform to standards at least as high as those imposed under this Act in respect of registered societies (other than provisionally registered societies), he shall in writing exempt the society on such conditions as he may specify from the operation of the provisions of this Act.

(3) The registrar may at any time by notice in writing addressed to the society concerned, withdraw any exemption granted under paragraph (*a*), (*b*) or (*c*) of sub-section (2) in respect of that society if he ceases to be satisfied as provided in the appropriate paragraph.

**Aanstelling van registrateur en assistent-registrateur van onderlinge hulpverenigings.**

4. (1) Die Minister stel met inagneming van die wette op die Staatsdiens 'n amptenaar aan, genoem die Registrateur van Onderlinge Hulpverenigings, wat, onder beheer van en onderworpe aan appèl na die Minister, al die bevoegdhede uitoefen en pligte uitvoer wat deur hierdie Wet aan die registrateur toegewys word.

(2) Die Minister stel insgelyks 'n amptenaar, genoem die Assistent-registrateur van Onderlinge Hulpverenigings aan om die registrateur by die verrigting van sy pligte soos voormeld behulpsaam te wees.

(3) Elke appèl na die Minister ingevolge sub-artikel (1) word op die wyse en binne die tyd wat by regulasie voorgeskryf is, voortgesit.

## HOOFSTUK II.

### Registrasie en Inlywing.

**Registrasie van onderlinge hulpverenigings.**

5. (1) Elke onderlinge hulpvereniging moet by die registrateur om registrasie onder hierdie Wet aansoek doen.

(2) 'n Aansoek ingevolge sub-artikel (1) moet vergesel gaan van besonderhede van die naam en adres van die persoon belas met die bestuur van die sake van die vereniging waarop die aansoek betrekking het, en 'n afskrif van die vereniging se statute, tesame met 'n sertifikaat deur 'n waardeerder aangaande die gesondheid van bedoelde statute uit 'n geldelike oogpunt of, as geen waardeerder aangestel is nie, sodanige inligting aangaande die gesondheid daarvan uit 'n geldelike oogpunt as wat die applikant mag besit, en 'n registrasiegeld van een pond, en, in die geval van 'n vereniging wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan—

(*a*) 'n opgawe in besonderhede van die inkomste en uitgawe van die betrokke vereniging vir die laaste boekjaar waarvoor rekenings opgemaak is, en 'n afskrif van sy balansstaat aan die end van daardie jaar; en

(*b*) 'n opgawe aantonende in besonderhede die jongste waardasie van bates en laste deur 'n waardeerder gedoen, tesame met besonderhede aangaande die beginsels by die opstel van bedoelde waardasie toegepas, of, as so 'n waardasie nie gedoen is nie, sodanige besonderhede aangaande die geldelike toestand van die vereniging as wat die applikant besit.

(3) By ontvangs van die dokumente in sub-artikels (1) en (2) genoem, moet die registrateur die vereniging voorlopig registreer en moet hy 'n sertifikaat van voorlopige registrasie aan die applikant stuur.

(4) Indien die registrateur na oorweging van so 'n aansoek oortuig is—

(*a*) in die geval van 'n vereniging wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan—

(i) dat die statute van die vereniging nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie en op gesonde geldelike beginsels gebaseer is;

(ii) dat die metodes waarvolgens die vereniging besigheid dryf of voornemens is om dit te dryf, nie ongewens is nie;

(iii) dat die toestand van die vereniging uit 'n geldelike oogpunt gesond is; en

(iv) dat die statute van die vereniging met die oog op al die omstandighede, nie buitensporige onbillikheid tussen verskillende lede of groepe van die lede skep nie; of

(*b*) in die geval van 'n vereniging na bedoelde inwerkingtreding opgerig, ten opsigte van die in sub-paragrawe (i), (ii) en (iv) van paragraaf (*a*) vermelde aangeleenthede,

moet hy die vereniging as 'n onderlinge hulpvereniging registreer en 'n registrasiesertifikaat asook 'n afskrif van die statute van die vereniging, waarop die datum van registrasie geëndosseer is, aan die applikant stuur en daarop hou die vereniging op om voorlopig geregistreer te wees.

(5) Indien die registrateur na oorweging van so 'n aansoek nie oortuig is betreffende al die aangeleenthede ten opsigte waarvan hy volgens sub-artikel (4) oortuig moet wees nie, moet hy die applikant skriftelik verwittig van die vereistes waaraan voldoen moet word ten einde hom aldus te oortuig.

(6) Die voorlopige registrasie van 'n vereniging kragtens sub-artikel (3) is geldig vir 'n tydperk van vyf jaar, maar kan, behoudens die bepalings van sub-artikel (7), van tyd tot tyd hernuwe word, waar die registrateur oortuig is dat die vereniging alle redelike pogings aangewend het om aan sy vereistes, soos volgens sub-artikel (5) aangedui, en die in hierdie Wet voorgeskrewe vereistes te voldoen.

Appointment of registrar and assistant registrar of friendly societies.

4. (1) The Minister shall, subject to the laws governing the public service, appoint an officer to be styled the Registrar of Friendly Societies who shall, under the control of and subject to appeal to the Minister, exercise all such powers and perform all such duties as are assigned to the registrar by this Act.

(2) The Minister shall similarly appoint an officer to be styled the Assistant Registrar of Friendly Societies to assist the registrar in carrying out his duties as aforesaid.

(3) Every appeal to the Minister in terms of sub-section (1) shall be prosecuted in the manner and within the time prescribed by regulation.

## CHAPTER II.

### Registration and Incorporation.

Registration of friendly societies.

5. (1) Every friendly society shall apply to the registrar for registration under this Act.

(2) An application under sub-section (1) shall be accompanied by particulars of the name and address of the person charged with the management of the affairs of the society to which the application relates, and a copy of the rules of such society, together with a certificate by a valuator as to the soundness of such rules from a financial point of view or, if no valuator has been employed, such information regarding their financial soundness as the applicant may possess, and a registration fee of one pound, and, in the case of a society in existence at the commencement of this Act—

(*a*) a statement in detail of the revenue and expenditure of the society in question for the last financial year for which accounts have been prepared, and a copy of its balance sheet as at the end of that year; and

(*b*) a statement showing in detail the latest valuation of assets and liabilities made by a valuator, including particulars as to the principles applied in making such valuation, or, if no such valuation has been made, such particulars regarding the financial condition of the society as the applicant may possess.

(3) Upon receipt of the documents referred to in sub-section (1) and (2) the registrar shall register the society provisionally and shall forward to the applicant a certificate of provisional registration.

(4) If after considering any such application, the registrar is satisfied—

(*a*) in the case of a society which is in existence at the commencement of this Act—

(i) that the rules of the society are not inconsistent with this Act and are based on sound financial principles;

(ii) that the methods according to which business is or is proposed to be transacted by the society are not undesirable;

(iii) that the society is in a financially sound condition; and

(iv) that, having regard to all the circumstances, the rules of the society are not unduly inequitable as between different members or groups of members; or

(*b*) in the case of a society established after such commencement, in respect of the matters specified in sub-paragraphs (i), (ii) and (iv) of paragraph (*a*),

he shall register the society as a friendly society and transmit to the applicant a certificate of registration as well as a copy of the rules of the society bearing an endorsement of the date of registration, and thereupon the society shall cease to be provisionally registered.

(3) By die toepassing van sub-artikel (2) word onder die totale waarde van al die bates van 'n vereniging nie die waarde van enige versekeringspolisse uitgereik deur iemand wat wettiglik versekeringsbesigheid binne die bedoeling van die Versekeringswet dryf, ingereken nie.

(4) 'n Geregistreerde onderlinge hulpvereniging word nie geag 'n bate vir die doeleindes van sub-artikel (2) te hou nie indien sodanige bate enigsins beswaar is.

(5) 'n Geregistreerde onderlinge hulpvereniging kan, indien sy statute aldus bepaal—

(*a*) aan enige liefdadigheids-, godsdienstige, voorsorgs-, sport- of kulturele inrigting, of aan enige hospitaal, verpleeginrigting, siekehuis of tehuis vir bejaardes skenkings maak;
(*b*) by wyse van belegging van sy fondse lenings verseker deur eerste verbande op onroerende eiendom aan enige van sy lede toestaan indien die verhipotekeerde eiendom eiendom is waarop 'n woonhuis opgerig is of gaan word: Met dien verstande dat sodanige lenings in geen geval vyf-en-sewentig persent van die markwaarde van die eiendom wat aangeskaf sal word, te bowe mag gaan nie;
(*c*) lenings aan enige van sy lede toestaan of *ex gratia* betalings ten behoewe van lede maak ten einde sodanige lede te help om verpligtings in verband met enige

to the nominee of the deceased the amount due and payable to the nominee in terms of the said nomination.

Restriction of payments on death of children under fourteen years of age.

19. (1) No society shall insure the life of a child which is under the age of fourteen years for any sum of money which either alone or together with any amount which to the knowledge of the said society is payable on the death of that child by any other society or by any insurer carrying on insurance business within the meaning of the Insurance Act, exceeds—

(*a*) ten pounds, if the child is under three years of age at death ; or

(*b*) fifteen pounds, if the child is three years old or older but is under six years of age at death ; or

(*c*) twenty pounds, if the child is six years old or older but is under ten years of age at death ; or

(*d*) thirty pounds, if the child is ten years old or older but is under fourteen years of age at death.

(2) Where a society or an insurer has insured the life of a child for a benefit not consisting of a sum of money, it shall for the purposes of this section be deemed to have insured the life of that child for a sum of money equal to the value of such benefit.

(3) The provisions of this section shall not be construed so as to prohibit an insurance which provides for the payment, on the death of any child which is under the age of fourteen years, of a sum not exceeding in the aggregate all the contributions paid in respect of such insurance, plus interest on each contribution at a rate not exceeding five per cent. per annum, compounded yearly.

Investments.

20. (1) Subject to the provisions of this section, a registered society may invest its funds in any manner provided by its rules.

(2) Assets equal in value to at least forty per cent. of the aggregate value of all the assets of a registered society shall, subject to the provisions of sub-section (6), be held in the Union in one or more of the following classes of assets, namely—

(*a*) money in hand in the Union ;

(*b*) any amount standing to the credit of the society concerned in an account with an office in the Union of a banking institution as defined in the Banking Act, 1942 (Act No. 38 of 1942), or with a building society registered under the Building Societies Act, 1934 (Act No. 62 of 1934), or with the National Finance Corporation of South Africa established under the National Finance Corporation Act, 1949 (Act No. 33 of 1949);

(*c*) bills, bonds or securities issued or guaranteed by the Government of the Union ;

(*d*) bills, bonds or securities issued or guaranteed by any local authority in the Union authorized by law to levy rates upon immovable property ;

(*e*) bills, bonds or securities issued or guaranteed by the Rand Water Board or the Electricity Supply Commission or by any institution which is, in the opinion of the registrar, financially sound and which has been approved by him.

(3) For the purposes of sub-section (2) the aggregate value of the assets of a society shall not include the value of any policies of insurance issued by a person lawfully carrying on insurance business within the meaning of the Insurance Act.

(4) A registered friendly society shall not be deemed to hold an asset for the purposes of sub-section (2) if such asset is in any way encumbered.

(5) A registered friendly society may, if its rules so provide—

(*a*) make donations to any charitable, religious, provident, sporting or cultural institution or to any hospital, nursing home, infirmary or home for aged persons;

(*b*) grant loans secured by first mortgages of immovable property, by way of investment of its funds, to any of its members if the mortgaged property is property on which a dwelling house has been or is to be erected: Provided that such loans shall in no case exceed seventy-five per cent. of the market value of the property to be acquired;

(*c*) grant loans to any of its members or make *ex gratia* payments on behalf of members in order to assist such members to meet commitments in regard to

aangeleentheid vermeld in paragraaf (*c*) van sub-artikel (1) van artikel *twee* na te kom; en

(*d*) tot 'n ander kragtens hierdie Wet geregistreerde onderlinge hulpvereniging of 'n fonds van watter aard ook al, wat ten voordele van die werknemers van bedoelde geregistreerde vereniging gedryf word, bydra, of versekeringspolisse op die lewens van werknemers van die bedoelde geregistreerde vereniging uitneem en daarvoor betaal tot voordeel van sodanige werknemers of hulle afhanklikes.

(6) Die Minister kan enige vereniging opgerig of gedryf deur 'n godsdienstige inrigting algeheel of gedeeltelik vrystel van voldoening aan die bepalings van sub-artikel (2), en kan onder buitengewone omstandighede, en op die voorwaardes en vir die tydperke wat hy mag bepaal, enige vereniging tydelik vrystel van voldoening aan daardie bepalings of aan enige bepaling van sub-artikel (5).

**Samesmeltings en oordragte.**

21. (1) Geen transaksie vir die samesmelting van 'n besigheid deur 'n geregistreerde vereniging gedryf met 'n besigheid deur 'n ander persoon gedryf (onverskillig of so 'n ander persoon 'n geregistreerde vereniging is al dan nie), of vir die oordrag van enige besigheid van 'n geregistreerde vereniging aan 'n ander persoon of vir die oordrag van enige besigheid van 'n ander persoon aan 'n geregistreerde vereniging, is van krag nie, tensy die samesmelting of oordrag ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel uitgevoer word.

(2) Die geregistreerde vereniging moet by die registrateur 'n afskrif van die skema insake die voorgestelde transaksie (in hierdie artikel die skema genoem) indien, asook 'n afskrif van elke aktuariële of ander opgawe vir die doeleindes van die skema in aanmerking geneem, en aan die registrateur besonderhede verstrek van die stemming by enige vergadering van sy lede of aandeelhouers waar die skema oorweeg is, en sodanige addisionele inligting as wat hy mag verlang: Met dien verstande dat as twee of meer geregistreerde verenigings by die voorgestelde transaksie betrokke is, slegs een van daardie verenigings 'n afskrif van die skema soos voormeld hoef te verstrek.

(3) As een of ander party by die voorgestelde transaksie nie 'n geregistreerde vereniging is nie, maar versekeringsbesigheid binne die bedoeling van die Versekeringswet in die Unie dryf, dien die registrateur by die Registrateur van Versekeringswese die in sub-artikel (2) bedoelde afskrif van die skema besonderhede en inligting in, en is die bepalings van sub-artikels (5) tot en met (10) van hierdie artikel nie van toepassing nie, maar geld die bepalings van artikel *vyf-en-twintig* van die Versekeringswet asof die vereniging 'n kragtens die Versekeringswet geregistreerde versekeraar was en asof die lede van die vereniging die eienaars van deur die vereniging uitgereikte versekeringspolisse was.

(4) Indien een of ander party by die voorgestelde transaksie nie 'n geregistreerde vereniging is nie en nie versekeringsbesigheid binne die bedoeling van die Versekeringswet in die Unie dryf nie, kan die registrateur daardie party gelas om enige inligting waaroor daardie party beskik en wat die registrateur mag vermeld, aan hom te verstrek.

(5) Die registrateur kan na goeddunke eis dat enige van of al die volgende bepalings nagekom word, naamlik—

(*a*) dat 'n verslag omtrent die skema op koste van die partye deur 'n onafhanklike waardeerder of ander bevoegde persoon benoem deur die registrateur opgestel en aan die registrateur verstrek word wat 'n afskrif daarvan aan elkeen van die partye by die voorgestelde transaksie moet stuur;

(*b*) dat elkeen van bedoelde partye 'n afskrif van die skema en van die in paragraaf (*a*) bedoelde verslag (as daar een is) aan elke lid, aandeelhouer en skuldeiser van daardie party, of slegs aan die lede, aandeelhouers en skuldeisers wat die registrateur mag aanwys, moet stuur;

(*c*) dat die partye by die voorgestelde transaksie besonderhede daarvan in 'n deur die registrateur goedgekeurde vorm in die *Staatskoerant* en in 'n nuusblad of nuusblaaie wat die registrateur mag aanwys, bekend maak.

(6) Afskrifte van die skema en van die in paragraaf (*a*) van sub-artikel (5) bedoelde verslag (as daar een is), moet beskikbaar gestel word vir insae deur lede, aandeelhouers of skuldeisers van enige party by die voorgestelde transaksie vir so 'n tydperk van minstens een-en-twintig dae as wat die registrateur mag vasstel—

(*a*) op die geregistreerde kantoor van enige geregistreerde vereniging betrokke is;

any matter specified in paragraph *(c)* of sub-section (1) of section *two*; and

*(d)* contribute to any other friendly society registered under this Act or any fund of any kind whatsoever which is conducted for the benefit of the employees of the said registered society or take out and pay for insurance policies on the lives of employees of the said registered society for the benefit of such employees or their dependants.

(6) The Minister may exempt either wholly or in part any society established or conducted by a religious institution from compliance with the provisions of sub-section (2), and may under exceptional circumstances, and on such conditions and for such periods as he may determine, temporarily exempt any society from compliance with those provisions or with any provision of sub-section (5).

**Amalgamations and transfers.**

**21.** (1) No transaction involving the amalgamation of any business carried on by a registered society with any business carried on by any other person (irrespective of whether that other person is or is not a registered society) or the transfer of any business from a registered society to any other person or the transfer of any business from any other person to a registered society, shall be of any force or effect unless the amalgamation or transfer is carried out in accordance with the provisions of this section.

(2) The registered society shall deposit with the registrar a copy of the scheme for the proposed transaction (in this section referred to as the scheme), including a copy of every actuarial or other statement taken into account for the purposes of the scheme, and shall furnish the registrar with particulars of the voting at any meeting of its members or shareholders at which the scheme was considered and with such additional information as he may require: Provided that if two or more registered societies are concerned in the proposed transaction, only one such society need furnish a copy of the scheme as aforesaid.

(3) If any party to the proposed transaction is not a registered society, but carries on insurance business in the Union within the meaning of the Insurance Act, the registrar shall deposit with the Registrar of Insurance the copy of the scheme, particulars and information referred to in sub-section (2), and the provisions of sub-sections (5) to (10), inclusive, of this section shall not apply, but the provisions of section *twenty-five* of the Insurance Act shall apply as if the society were an insurer registered under the Insurance Act, and as if the members of the society were the owners of policies of insurance issued by the society.

(4) If any party to the proposed transaction is not a registered society and does not carry on insurance business in the Union within the meaning of the Insurance Act, the registrar may require that party to furnish him with any information which is in possession of that party and which the registrar may specify.

(5) The registrar may, in his discretion, require any or all of the following provisions to be fulfilled, namely—

*(a)* a report on the scheme to be drawn up by an independent valuator or other competent person nominated by the registrar at the expense of those parties and furnished to the registrar who shall send a copy thereof to each of the parties to the proposed transaction;

*(b)* each of the said parties to send a copy of the scheme and of the report (if any) referred to in paragraph *(a)* to every member, shareholder and creditor of that party, or to such only of those members, shareholders and creditors as the registrar may direct;

*(c)* the parties to the proposed transaction to publish particulars thereof, in a form approved by the registrar, in the *Gazette* and in such newspaper or newspapers as the registrar may direct.

(6) Copies of the scheme and of the report (if any) referred to in paragraph *(a)* of sub-section (5) shall, for such period of not less than twenty-one days as the registrar may specify, be made available for the inspection of any member, shareholder or creditor of any party to the proposed transaction—

*(a)* at the registered office of any registered society concerned; and

(*b*) op die geregistreerde kantoor of ander hoofbesigheidsplek in die Unie van enige ander party.

(7) Wanneer die vereistes van sub-artikel (6) nagekom is, moet die registrateur die skema oorweeg, en daarna kan hy—

(*a*) die skema bekragtig; of

(*b*) voorstel dat die partye by die voorgestelde transaksie die skema in sekere opsigte wysig, en indien hulle die skema aldus wysig, kan hy die aldus gewysigde skema bekragtig; of

(*c*) weier om die skema te bekragtig.

(8) Indien die registrateur geweier het om die skema te bekragtig, kan die partye by die voorgestelde transaksie na minstens veertien dae kennisgewing aan die registrateur by die hof om bekragtiging van die skema aansoek doen.

(9) Die registrateur is geregtig om by so 'n aansoek persoonlik of by monde van 'n verteenwoordiger aangehoor te word, en die hof kan die skema bekragtig soos aan hom voorgelê of met die wysigings wat die hof mag goedvind of bekragtiging van die skema weier.

(10) 'n Skema wat deur die registrateur of die hof ooreenkomstig hierdie artikel bekragtig is, bind alle betrokke persone, en geld ondanks andersluidende bepalings vervat in die statute van enige betrokke geregistreerde vereniging of in die akte van oprigting of ander dokument waarkragtens enige ander party by die transaksie opgerig is of in die statute of ander reglemente van so 'n party.

(11) Wanneer die skema deur die registrateur of die hof bekragtig is, moet die persoon wat die saamgesmelte besigheid beheer of die persoon aan wie 'n besigheid ooreenkomstig die transaksie oorgedra is, na gelang van die geval, binne veertien dae na sodanige bekragtiging by die registrateur—

(*a*) 'n verklaring indien, wat behoorlik ooreenkomstig die bepalings van artikel *ses-en-twintig* namens elkeen van die partye by die transaksie onderteken is, dat na hulle beste wete elke betaling wat in verband met die samesmelting of oordrag gemaak is of moet word of ander teenprestasie wat in verband daarmee gegee is of moet word aan enige persoon hoegenaamd, volledig in die skema uiteengesit is; en

(*b*) indien die skema deur die hof bekragtig is, 'n gesertifiseerde afskrif indien van die skema soos bekragtig, en die bevel van die hof wat die skema bekragtig.

(12) Wanneer 'n skema ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel bekragtig word, berus die betrokke bates van die partye by die samesmelting by, en gaan hul betrokke laste oor op die saamgesmelte liggaam of, na gelang van die geval, berus die betrokke bates van die party wat die oordrag doen by en gaan sy betrokke laste oor op die party aan wie die oordrag geskied.

(13) Die amptenaar belas met die beheer oor 'n registrasiekantoor van aktes waarin 'n verbandakte of onroerende goed geregistreer is, wat ooreenkomstig die bepalings van sub-artikel (12) oorgedra word, moet by vertoning aan hom deur die betrokke persoon van bedoelde verband of van die titelbewyse van daardie onroerende goed en van 'n sertifikaat deur die registrateur dat die skema insake samesmelting of oordrag, na gelang van die geval, bekragtig is, sonder betaling van hereregte of seëlbelastings of registrasiegelde of koste, die aantekenings op daardie verband of titelbewyse en die veranderings in sy registers maak, wat as gevolg van so 'n samesmelting of oordrag nodig geword het.

(14) 'n Transaksie ooreenkomstig hierdie artikel teweeggebring, ontneem nie 'n skuldeiser van 'n party daarby (behalwe in sy hoedanigheid van 'n lid of 'n aandeelhouer van so 'n party) enige aanspraak of regsmiddel wat hy onmiddellik voor daardie datum teen een of ander party by die transaksie of teen 'n lid of aandeelhouer of beampte van so 'n party gehad het nie.

## HOOFSTUK IV.

### Dokumente wat by die Registrateur ingedien moet word.

Rekenings.

22. (1) Elke geregistreerde vereniging moet, binne ses maande na afloop van elke boekjaar, by die registrateur indien—

(*a*) 'n inkomsterekening wat die inkomste en uitgawes vir daardie jaar aantoon, met inbegrip van die bestuurskoste van die vereniging en enige bydraes tot bedoelde koste: Met dien verstande dat indien volgens die statute van die vereniging 'n afsonderlike rekening vir 'n besondere soort besigheid of ten opsigte van vermelde koste gehou word, voormelde

(*b*) at the registered office or other principal place of business in the Union of any other party.

(7) When the requirements of sub-section (6) have been complied with, the registrar shall consider the scheme, and thereafter he may—

(*a*) confirm the scheme; or

(*b*) suggest that the parties to the proposed transaction modify the scheme in certain respects, and if they so modify the scheme he may confirm the scheme as modified; or

(*c*) decline to confirm the scheme.

(8) If the registrar has declined to confirm the scheme, the parties to the proposed transaction may after not less than fourteen days' notice to the registrar, apply to the court for confirmation of the scheme.

(9) The registrar shall be entitled to be heard personally or by a representative at any such application, and the court may confirm the scheme as submitted to it or with such modifications as the court may think fit or decline to confirm the scheme.

(10) A scheme confirmed by the registrar or the court in accordance with this section shall be binding on all persons concerned, and shall have effect notwithstanding any conflicting provision contained in the rules of any registered society concerned or in the memorandum or other document under which any other party to the transaction is constituted, or in the articles of association or other rules of such party.

(11) When the scheme has been confirmed by the registrar or the court, the person controlling the amalgamated business or the person to whom any business has been transferred in terms of the transaction, as the case may be, shall within fourteen days after such confirmation deposit with the registrar—

(*a*) a declaration, duly signed in accordance with the provisions of section *twenty-six*, on behalf of each of the parties to the transaction, that to the best of their belief every payment made or to be made or other valuable consideration given or to be given to any person whatsoever on account of the amalgamation or transfer is fully set forth in the scheme; and

(*b*) if the scheme has been confirmed by the court, a certified copy of the scheme as confirmed and the order of court confirming the scheme.

(12) Whenever a scheme is confirmed in accordance with the provisions of this section, the relevant assets and liabilities of the parties to the amalgamation shall vest in and become binding upon the amalgamated body or, as the case may be, the relevant assets and liabilities of the party effecting the transfer shall vest in and become binding upon the party to which transfer is effected.

(13) The officer in charge of a deeds registry in which is registered any mortgage bond or any immovable property, which is transferred in accordance with the provisions of sub-section (12), shall upon production to him by the person concerned of such bond or of the title deeds of such immovable property, and of a certificate by the registrar of the confirmation of the scheme of amalgamation or of transfer, as the case may be, make such endorsements upon such bond or title deeds and such alterations in his registers as are rendered necessary by reason of such amalgamation or transfer, without payment of transfer or stamp duty or registration fees or charges.

(14) A transaction effected in terms of this section shall not deprive any creditor of a party thereto (other than in his capacity as a member or a shareholder of such party) of any right or remedy which he had immediately prior to that date against any party to the transaction or against any member or shareholder or officer of such party.

## CHAPTER IV.

### Documents to be Deposited with Registrar.

22. (1) Every registered society shall, within six months as from the expiration of every financial year, furnish to the registrar— Accounts.

(*a*) a revenue account showing the revenue and expenditure for that year including the expenses of management of the society and any contributions towards such expenses: Provided that, if the rules of the society require a separate account to be maintained for a particular kind of business or in respect of the said expenses and

inkomsterekening in afdelings ingedeel moet word op so 'n wyse dat die transaksies van die vereniging ten opsigte van daardie besondere soort besigheid, of, na gelang van die geval, ten opsigte van vermelde koste en bydraes, afsonderlik aangetoon word; en

(*b*) 'n balansstaat wat die finansiële posisie van die vereniging by verstryking van daardie jaar aantoon.

(2) Elke geregistreerde vereniging moet, wanneer die in sub-artikel (1) bedoelde dokumente aan die registrateur verstrek word, ook aan die registrateur verstrek—

(*a*) 'n afskrif van enige spesiale verslag deur die ouditeur aangaande die bedrywighede van die vereniging gedurende die boekjaar waarop bedoelde dokumente betrekking het;

(*b*) 'n afskrif van enige jaarverslag wat die vereniging ten opsigte van bedoelde boekjaar aan sy lede of aandeelhouers mag uitgereik het; en

(*c*) 'n afskrif van enige ander opgawe wat die vereniging ten opsigte van enige van sy bedrywighede gedurende sodanige boekjaar voor sy lede of aandeelhouers mag gelê het.

**Waardasies deur 'n waardeerder ten opsigte van besigheid onderworpe aan aktuariële ondersoek.**

23. (1) Elke geregistreerde vereniging wat enige soort besigheid dryf wat kragtens sy statute aan aktuariële ondersoek onderworpe is, moet minstens eenmaal elke vyf jaar 'n waardasie van die laste van die vereniging ten opsigte van daardie soort besigheid, vir sover daardie laste aktuarieel waardeer kan word, deur 'n waardeerder laat maak, en 'n behoorlik deur die waardeerder gewaarmerkte afskrif van die waardasie by die registrateur indien.

(2) So 'n waardasie word gemaak ten opsigte van die toestand van sake by die beëindiging van 'n boekjaar en 'n afskrif daarvan moet binne twaalf maande na afloop van daardie jaar by die registrateur ingedien word.

(3) In die geval van 'n vereniging wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet onderlinge hulpverenigingsbesigheid gedryf het en wat die bepalings van sub-artikel (1) van artikel *vyf* nagekom het, word die eerste waardasie gedoen ten opsigte van die toestand van sake by die beëindiging van die boekjaar wat na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet begin het: Met dien verstande dat—

(*a*) in besondere omstandighede die vereniging met verlof van die registrateur so 'n eerste waardasie vir so 'n tydperk van hoogstens drie jaar as wat die registrateur mag bepaal, kan uitstel; en

(*b*) indien die vereniging ooreenkomstig paragraaf (*b*) van sub-artikel (2) van artikel *vyf* 'n opgawe wat die uitslag van 'n waardasie van die laste en bates van die vereniging aantoon, verstrek het, die registrateur kan gelas dat die eerste waardasie ingevolge hierdie artikel gemaak moet word ten opsigte van die toestand van sake op 'n datum na die beëindiging van bedoelde boekjaar, maar nie meer as vyf jaar na die datum waarop bedoelde opgawe betrekking het nie.

(4) In die geval van 'n ander vereniging as 'n in sub-artikel (3) bedoelde vereniging, word die eerste waardasie gedoen ten opsigte van die toestand van sake by beëindiging van die vyfde boekjaar wat verstryk het na die datum van registrasie, of by die beëindiging van so 'n vorige boekjaar as wat die vereniging mag kies.

(5) Ondanks enigiets in voorgaande sub-artikels vervat, kan die registrateur, na minstens een maand se skriftelike kennisgewing aan 'n geregistreerde vereniging, met toestemming van die Minister daardie vereniging gelas om so 'n waardasie ten opsigte van die toestand van sake by die einde van enige boekjaar te laat maak, indien die registrateur van oordeel is dat 'n waardasie sou aantoon dat enige soort besigheid van die vereniging nie in 'n gesonde finansiële toestand is nie.

(6) 'n Waardasie ooreenkomstig een of ander van voorafgaande sub-artikels deur 'n waardeerder gemaak, moet besonderhede, afsonderlik uiteengesit ten opsigte van elke soort besigheid waarvoor 'n afsonderlike rekening deur die statute van die vereniging vereis word, insluit van die bedrag van die laste en voorwaardelike laste van elke soort besigheid, tesame met 'n beskrywing van die aktuariële grondslag wat gebruik is om die waardasie te maak.

(7) Wanneer 'n geregistreerde vereniging 'n afskrif van 'n waardasie ooreenkomstig hierdie artikel deur 'n waardeerder gemaak by die registrateur indien, moet hy ook by die registrateur 'n sertifikaat indien van die persoon wat die besigheid van die vereniging bestuur en van die hoofbeampte dat na hul beste wete geloof die inligting vir die doeleindes van die waar-

contributions, the aforesaid revenue account shall be divided into sections in such a way as to show separately the transactions of the society in respect of that particular kind of business, or, as the case may be, in respect of the said expenses and contributions; and

(*b*) a balance sheet showing the financial position of the society at the close of that year.

(2) Every registered society shall, when furnishing to the registrar the documents referred to in sub-section (1), also furnish to the registrar—

(*a*) a copy of any special report by the auditor relating to the activities of the society during the financial year to which the documents relate;

(*b*) a copy of any annual report that the society may have issued to its members or shareholders in respect of the said financial year; and

(*c*) a copy of any other statement that the society may have presented to its members or shareholders in respect of any of its activities during such financial year.

**Valuations by a valuator in respect of business subject to actuarial scrutiny.**

23. (1) Every registered society carrying on any kind of business which in terms of its rules is subject to actuarial scrutiny shall, once at least in every five years, cause a valuation of the liabilities of the society in respect of that kind of business, in so far as such liabilities are capable of actuarial valuation, to be made by a valuator, and shall deposit with the registrar a copy of the valuation duly certified by the valuator.

(2) Such valuation shall be made in respect of the position as at the expiration of a financial year, and a copy thereof shall be deposited with the registrar within twelve months from the close of that year.

(3) In the case of a society which was carrying on friendly society business at the commencement of this Act and has complied with the provisions of sub-section (1) of section *five*, the first valuation shall be made in respect of the position as at the expiration of the financial year which commenced after the date of commencement of this Act: Provided that—

(*a*) in special circumstances the society may, with the permission of the registrar, defer such first valuation for such period, not exceeding three years, as the registrar may determine; and

(*b*) if the society has furnished a statement in terms of paragraph (*b*) of sub-section (2) of section *five*, showing the results of a valuation of the liabilities and assets of the society, the registrar may direct that the first valuation under this section shall be made in respect of the position as at a date subsequent to the expiration of the said financial year, but not more than five years after the date to which the said statement relates.

(4) In the case of a society other than a society mentioned in sub-section (3), the first valuation shall be made in respect of the position as at the expiration of the fifth financial year which is completed after the date of registration, or as at the expiration of such previous financial year as the society may select.

(5) Notwithstanding anything contained in the preceding sub-sections, the registrar may, with the consent of the Minister, and after not less than one month's notice in writing to any registered society, require that society to cause such a valuation to be made in respect of the position as at the expiration of any financial year, if the registrar is of opinion that a valuation would show that any kind of business of the society is not in a sound financial condition.

(6) A valuation made by a valuator in terms of any of the preceding sub-sections shall include particulars, set out separately in respect of each kind of business for which a separate account is required by the rules of the society, of the amount of the liabilities and contingent liabilities of each kind of business, together with a description of the actuarial basis employed in making such valuation.

(7) Whenever a registered society deposits with the registrar a copy of a valuation made by a valuator in terms of this section, it shall also deposit with the registrar a certificate by the person managing the business of the society and by the principal officer that to the best of their knowledge and belief the information

dasie aan die waardeerder verstrek, in elke wesentlike opsig juis en volledig was.

**Opgawe van laste.**

24. (1) Elke geregistreerde vereniging moet periodiek 'n opgawe opstel van al sy laste aan die einde van 'n boekjaar en so 'n opgawe binne ses maande na verstryking van daardie jaar by die registrateur indien.

(2) So 'n opgawe word opgestel—

(*a*) in die geval van 'n vereniging waarop die bepalings van artikel *drie-en-twintig* van toepassing is, by die geleenthede wanneer ooreenkomstig daardie artikel 'n waardasie deur 'n waardeerder gedoen word; en

(*b*) in die geval van 'n ander vereniging, jaarliks.

(3) Die opgawe van laste omvat—

(*a*) die laste en voorwaardelike laste kragtens kontrakte tussen die vereniging en sy lede, met inbegrip van vorderings ingevolge sodanige kontrakte waarvan kennis gegee is maar wat nie uitbetaal is nie;

(*b*) 'n aantekening van elke verpanding, verhipotekering of ander beswaring van die bates van die vereniging;

(*c*) die bedrag van die gestorte aandelekapitaal;

(*d*) die bedrag van enige aanspreeklikheid ten opsigte van belastings vir die betrokke jaar, en by gebrek aan 'n voltooide aanslag, 'n beraming van sulke belastings; en

(*e*) enige ander laste van die vereniging.

(4) Ondanks enigiets in sub-artikels (1) en (3) vervat, word 'n las of 'n voorwaardelike las wat deur herversekering gedek is, nie as 'n las in die opgawe aangetoon nie, indien die herversekering aangegaan is met—

(*a*) 'n versekeraar wat kragtens die Versekeringswet gemagtig is om versekeringsbesigheid te dryf; of

(*b*) 'n geregistreerde vereniging, met inbegrip (indien die registrateur daartoe instem) van 'n voorlopige geregistreerde vereniging.

(5) Alle laste en voorwaardelike laste wat by wyse van herversekering onderneem en aangegaan is, moet in die opgawe ingesluit word.

(6) (*a*) Indien enige van die laste of voorwaardelike laste wat volgens voorgaande sub-artikels in die opgawe ingesluit moet wees, van onbepaalde bedrag is en nie ooreenkomstig artikel *drie-en-twintig* deur 'n waardeerder gewaardeer is nie, moet die betrokke vereniging die registrateur versoek om die basis waarop hulle waardeer moet word te bepaal, en 'n bepaling aldus deur die registrateur gedoen, bind daardie vereniging.

(*b*) Die registrateur kan alle uitgawes noodsaaklikerwys in verband met 'n bepaling onder paragraaf (*a*) aangegaan, op die betrokke vereniging verhaal.

(7) Sover doenlik moet die laste afsonderlik vermeld word ten opsigte van elke soort besigheid waarvoor 'n afsonderlike rekening ingevolge die statute van die vereniging vereis word.

**Opgawe van bates.**

25. (1) Elke geregistreerde vereniging moet jaarliks 'n opgawe van sy bates aan die einde van die boekjaar maak, en moet so 'n opgawe binne ses maande na verstryking van daardie jaar by die registrateur indien: Met dien verstande dat die registrateur, indien hy oortuig is dat daardeur geen afbreuk aan enige van die oogmerke van hierdie wet gedoen sal word nie, 'n vereniging waarop die bepalings van artikel *drie-en-twintig* van toepassing is, van die bepalings van hierdie artikel kan vrystel behalwe by die geleenthede wanneer ooreenkomstig daardie artikel 'n waardasie deur 'n waardeerder gedoen word en so 'n vrystelling wat hy tevore toegestaan het, te eniger tyd kan intrek as hy nie meer soos voormeld oortuig is nie.

(2) Enige bate verteenwoordig deur 'n vordering wat agterstallig is moet as 'n afsonderlike bate aangetoon word.

(3) Geen onkoste van bestuur, organisasie of besigheidsuitbreiding en geen koopprys van 'n besigheid (afgesien van die waarde van daarby behorende eiendom) of van klandisiewaarde of iets dergeliks mag as 'n bate ingesluit word nie.

(4) Geen bate word bo sy markwaarde gewaardeer nie.

(5) Volledige besonderhede van elke bate, met inbegrip van die markwaarde daarvan, moet verstrek word: Met dien verstande dat indien nakoming van die vereistes van hierdie sub-artikel deur 'n besondere vereniging uitermate lywige opgawes sou veroorsaak, die betrokke vereniging verskillende soorte bates saam kan groepeer, of andersins die opgawe op 'n deur die registrateur goedgekeurde wyse kan verkort.

(6) 'n Volledige verduideliking van die metodes en grondslae wat aangeneem is om die markwaardes van verskillende soorte bates te bereken, moet ingesluit word, asook 'n verklaring of in verband met sodanige markwaardes rekening gehou is

furnished to the valuator for the purposes of the valuation was correct and complete in every material respect.

**Statement of liabilities.**

24. (1) Every registered society shall periodically prepare a statement of all its liabilities at the close of a financial year, and shall deposit such statement with the registrar within six months from the close of that year.

(2) Such statement shall be prepared—

(*a*) in the case of a society to which the provisions of section *twenty-three* apply, on the occasions when a valuation by a valuator is made in terms of that section; and

(*b*) in the case of any other society annually.

(3) The statement of liabilities shall include—

(*a*) the liabilities and contingent liabilities under contracts between the society and its members, including claims under such contracts which have been intimated but not paid;

(*b*) a record of any pledge, hypothecation or other encumbrance of the assets of the society;

(*c*) the amount of the share capital which has been paid-up;

(*d*) the amount of any liability for taxes for the year concerned, and in the absence of a completed assessment the estimated amount of such taxes; and

(*e*) any other liabilities of the society.

(4) Notwithstanding anything contained in sub-sections (1) and (3), a liability or contingent liability which is covered by reinsurance shall not be shown as a liability on the statement if the reinsurance has been effected with—

(*a*) an insurer authorized to carry on insurance business under the Insurance Act; or

(*b*) a registered society, including (with the consent of the registrar) a provisionally registered society.

(5) All liabilities and contingent liabilities undertaken and entered into by way of reinsurance shall be included in the statement.

(6) (*a*) If any of the liabilities or contingent liabilities to be included in the statement in accordance with the preceding sub-sections are of indeterminate amount, and have not been valued by a valuator in terms of section *twenty-three*, the society concerned shall request the registrar to determine the basis upon which they shall be valued, and any determination so made by the registrar shall be binding upon that society.

(*b*) The registrar may recover from the society concerned all expenses necessarily incurred in making a determination under paragraph (*a*).

(7) So far as may be practicable, the liabilities shall be separately stated in respect of each kind of business for which a separate account is required by the rules of the society.

**Statement of assets.**

25. (1) Every registered society shall prepare annually a statement of its assets at the close of the financial year, and shall deposit such statement with the registrar within six months from the close of that year: Provided that the registrar may, if he is satisfied that none of the objects of this Act would be thereby prejudiced, exempt from the provisions of this section a society to which the provisions of section *twenty-three* apply, on the occasions other than those on which a valuation by a valuator is made in terms of that section and may at any time withdraw any such exemption which he has previously granted if he is no longer satisfied as aforesaid.

(2) Any asset represented by a claim which is overdue shall be shown as a separate asset.

(3) No expenses of administration, organization or business extension, and no purchase price of a business (apart from the value of any property belonging thereto) or of a goodwill or any item of a similar nature, shall be included as an asset.

(4) No asset shall be valued above its market value.

(5) Full particulars of each asset, including the market value thereof, shall be furnished: Provided that if compliance with the requirements of this sub-section by a particular society would result in unduly voluminous returns, the society concerned may group various classes of assets together, or otherwise abridge the statement in such manner as the registrar may approve.

(6) A full explanation shall be included in the statement of the methods and bases adopted in ascertaining the market values of the various kinds of assets, including a statement as to whether or not such market values include allowances for

met rente, diwidende of huurgelde wat opgeloop het sedert die jongste datum waarop rente, diwidende of huurgelde betaalbaar was.

Vereistes insake stukke wat by die registrateur ingedien word.

26. (1) 'n Geregistreerde vereniging word geag nie aan 'n bepaling van hierdie Wet wat aan so 'n vereniging die verpligting oplê om aan die registrateur 'n deur die vereniging opgestelde dokument te verstrek, te voldoen het nie, tensy so 'n dokument deur die hoofbeampte en een ander persoon ooreenkomstig die statute van die vereniging gemagtig om dokumente te teken, onderteken is.

(2) Indien 'n persoon (behalwe 'n ouditeur of 'n waardeerder) wat nie 'n natuurlike persoon is nie, deur 'n bepaling van hierdie Wet verplig word om 'n dokument wat aan die registrateur verstrek moet word, te onderteken, moet so 'n dokument as volg namens daardie persoon onderteken word, te wete—

(*a*) indien bedoelde persoon 'n komitee van indiwidu's is, deur die persoon wat dan aan die hoof van die komitee is, en deur een ander lid daarvan;

(*b*) indien bedoelde persoon 'n vereniging van persone is, deur die indiwidu wat dan aan die hoof is van die raad van direkteure of ander komitee wat bedoelde vereniging beheer, en deur een ander lid van bedoelde raad of komitee;

(*c*) in enige ander geval, deur indiwidu's deur die registrateur aangewys, wat enige beheer oor die besigheid van bedoelde persoon uitoefen.

(3) 'n Geregistreerde vereniging word geag nie aan die toepaslike bepalings van sub-artikel (1) van artikel *twee-en-twintig* of artikel *vier-en-twintig* of *vyf-en-twintig* te voldoen het nie, tensy enige inkomsterekening, balansstaat, opgawe van laste of opgawe van bates wat ingevolge een of ander van daardie bepalings verstrek moet word, deur die ouditeur van die vereniging gewaarmerk is.

(4) Iemand wat ooreenkomstig 'n bepaling van hierdie Wet aan die registrateur—

(*a*) 'n oorspronklike dokument moet verstrek, moet ook die addisionele afskrifte daarvan, maar hoogstens drie, verstrek wat by regulasie voorgeskryf mag wees of wat die registrateur mag verlang;

(*b*) 'n afskrif van 'n dokument moet verstrek, moet een afskrif daarvan verstrek wat as korrek gesertifiseer is—

(i) in die geval van 'n geregistreerde vereniging, deur sy hoofbeampte; en

(ii) in enige ander geval, deur die persoon deur wie bedoelde afskrif verstrek moet word,

tesame met soveel addisionele afskrifte, maar hoogstens drie, as wat by regulasie voorgeskryf mag wees of wat die registrateur mag verlang.

Die registrateur kan opgawes verwerp.

27. Indien die registrateur van oordeel is dat 'n inkomsterekening of balansstaat ooreenkomstig sub-artikel (1) van artikel *twee-en-twintig* deur 'n geregistreerde vereniging verstrek, of 'n opgawe van laste of opgawe van bates ooreenkomstig artikel *vier-en-twintig* of *vyf-en-twintig* deur 'n geregistreerde vereniging verstrek, nie aan die bepalings van hierdie Wet voldoen nie, of nie 'n juiste weergawe van die inkomste en uitgawes of (na gelang van die geval) van die geldelike toestand van die vereniging is nie, kan hy die betrokke dokument verwerp, en in daardie geval—

(*a*) stel hy die betrokke vereniging in kennis van die redes vir so 'n verwerping; en

(*b*) word dit geag dat die vereniging nie die bedoelde dokument aan die registrateur verstrek het nie, maar kan die registrateur in so 'n geval die bepalings van artikel *vier-en-veertig* toepas, al het die betrokke tydperk verstryk voordat aansoek om verlenging gedoen word.

Registrateur kan aanvullende besonderhede in die geval van sekere aansoeke en opgawes verlang.

28. (1) Indien die registrateur van oordeel is dat—

(*a*) 'n aansoek om registrasie van 'n vereniging of van 'n wysiging of herroeping van statute of van 'n addisionele statuut; of

(*b*) 'n opgawe of skema aangaande die finansiële toestand van 'n vereniging,

nie genoegsame inligting verskaf om hom in staat te stel om die nodige beslissing te gee nie, moet die betrokke persoon sodanige verdere besonderhede verskaf as wat die registrateur nodig ag.

(2) Indien die registrateur van oordeel is dat 'n sertifikaat of spesiale verslag deur 'n waardeerder of deur die ouditeur van 'n vereniging nodig is in verband enige saak in sub-artikel (1)

interest, dividends or rent accrued since the last date on which interest, dividends or rent fell due.

26. (1) A registered society shall be deemed not to have complied with any provision of this Act, which imposes upon such society the obligation to furnish to the registrar a document prepared by the society, unless such document is signed by the principal officer and one other person authorized in accordance with the rules of the society to sign documents.

Requirements in regard to documents to be deposited with registrar.

